# ’N PARADOKS

Terwyl ons net ’n oomblik bly staan, laat ons bid.

2 Ons Hemelse Vader, ons nader U Genadetroon in die Naam van die Here Jesus. Ons nader nou die einde van hierdie konvensie, en daar word vir ons vertel in die Skrifte dat Jesus aan die einde van die fees, gestaan en huil het, daar verwagtinge mag gewees het wat Hy gehoop het vervul sou word. God, ons wag met groot verwagtinge, in die wete van die swakheid van mense, maar God, ons het ’n groot uitstorting van U Gees verwag, iets buitengewoon.

3 En ek kyk na U klein dienskneg, Carl Williams, sien sy geknelde handtjies, en sy voete wat oor die gronde skuif, wat hier sit en heeltyd iets in sy neus gooi om asem te haal, weet dat hy dag en nag gewerk en gearbei het, en my hart gaan uit na hom. God, U sal hom nie teleurstel nie.

4 En hierdie week, in die rondgaan deur die vallei hier saam met hulle, U diensknegte, in hulle kerke gepreek, het hulle my nooit gesê wat om te sê nie, net gesê: “Gaan voort.” Om daardie goeie samewerking en lieflike gees te sien, hulle wag, ook hier, vir iets om te gebeur, so ons voel letterlik die Heilige Gees wat in ons uitroep: “Kom, Here Jesus.” Vul ons verwagtende harte, gee ons dit waarna ons soek, Here, groot mate van U genade, bid ons.

5 Ons is onwaardig om so ’n seëning te vra, Here, daar is niemand van ons wat waardig is nie, maar ons hou nie daaraan vas nie, ons dink net aan die Offer wat Jesus vir ons gemaak het dat Hy ons sou reinig. En ons kom nou in Sy Naam vra, dat elke hart bedien sal word die een of ander tyd tussen nou en die afsluiting van die diens, dat wanneer ons vandag vertrek van hier af en na ons verskillende plekke toe gaan, ons in staat mag wees om te sê soos hulle wat van Emmaüs af gekom het: “Was ons harte nie brandende in ons nie?”

6 Want die herrese Here het saam met hulle gewandel, en Hy het iets in hulle midde gedoen. Nadat hulle heeldag saam met Hom gewandel het, en hulle nie verstaan het net Wie Hy was nie, hulle het geweet dit was ’n seën om by so ’n Leraar te wees. Maar toe Hy iets gedoen het net soos Hy dit gedoen het voor die kruisiging, het hulle geweet geen mens het dit *so* soos *daardie* gedoen behalwe Hy nie, en hulle regtig geweet het dat Dit die Here Jesus was, het hulle vinnig gegaan om ander te vertel.

7 God, ons bid dat dit vandag weer sal herhaal. Doen die uitermatige oorvloedige vir ons, Here, ons hierdie konvensie Maandagaand mag verlaat, na ons huise en verskillende plekke toe gaan, en sê: “Was ons harte nie brandende in ons, soos ons Hom hoor praat het deur Sy diensknegte regdeur die

konvensie nie?" Skenk hierdie dinge, Here, aan ons onwaardige diensknegte, in die Naam van U Heilige Kind, Jesus. Amen.

8 Sit maar. (*Hierdie* jou Bybel, broer? *Hierdie* een?) Hierdie is inderdaad 'n buitengewone tyd vir my, en ek is ook onder groot verwagting, en verwagtinge vir iets om plaas te vind gedurende hierdie diens wat anders is. En as ons die diens sou afsluit vanmiddag, is ek seker dat almal van ons kan sê: "Dit was goed om hier te wees," die eerste aand om Broer Oral Roberts te hoor, en sy magtige boodskap aan die mense oor die sedelike verval van die mense, toe het een van die boodskappe met die grooste impak gekom van twaalf of vyftien minute, van ons Broer Velmer Gardner. Ek het na hom gekyk en hom met groot bewondering bewonder. Hoedat hy soveel kon gee in net 'n klein tydjie!

9 Ek het my vrou vertel, daaragter, dat, daarvan toe ons by die huis gekom het, en sy het gesê: "Wel," gesê: "Bill, dis wat hulle alty-. . .Jy hou hulle te lank."

10 Ek het gesê: "Skat, ek is net te stadig, ek—ek kan nie so vinnig daaraan dink nie. God is net genadig vir my om my stadig te laat wees, reken ek, en my soort van te laat voortgaan, Sy goedheid vir my te wys."

11 Toe om 'n mediese dokter te hoor nou die aand. . .(Ja, gisteraand is reg, Broer Shakarian.) Julle weet, ek het baie goeie mediese doktersvriende. Daar is 'n onderhoud met my gevoer deur Mayos, julle weet, julle het die tydskrif, *Die—Die*, ek dink dit word genoem *Die*. . .O, *Reader's Digest*, omtrent vyf jaar gelede, *Die Wonderwerk Van Donny Morton*, daar oorkant in Kalifornië, ek het daardie personeel van dokters daar ontmoet, die gaafste kêrels wat jy wil ontmoet.

12 Maar toe ek daardie dokter nou die aand gehoor het, wat daardie vermaning van Jesus gegee het, het ek gedink hy kan baie goed wees met sy diagnose as—as hy die fisiese liggaam sou ondersoek. En hy het nie te goed gedoen, of, te sleg gevaar met die diagnose van die geestelike toestand nie, hy het 'n baie goeie diagnose daarvan gehad, en die woorde wat hy gesê het. Ek hoop nie ek hoef ooit sy dienste te gebruik nie, maar as ek dit ooit moet, wil ek hê 'n man soos daardie moet die operasie doen, as ek ooit een moet kry, een wat sy vertroue in die Here stel.

13 Daarmee saam, en ander manne gehoor, sommige van hulle het ek nie eens geken nie, ek glo beslis dit sal wonderlik wees as ons net nou sou Huis toe gaan, dit sou wonderlik wees. Maar ek glo Hy gaan ons nog 'n paar seëninge skenk, want daar's baie hier.

14 Ek wag om hierdie Broer Brown te hoor, glo ek, môre-aand. En ek het nog nooit. . .Episkopaal, huh? ['n Broer sê: "Presbiteriaan."—Red.] Presbiteriaan. Fout soos daardie, kan ek net sowel die Skrif lees en gaan, kan ek nie? Mag ek dit sê, Broer

Brown: “’n Broer in Christus.” Ek weet dan is ek reg. Ek het baie van hom gehoor, en ek wil hom beslis hoor.

15 Kon al ons vriende ontmoet. En toe die klein kort, opgewekte boodskappie, gisteroggend, toe te sien Satan op ’n vroutjie spring, haar daar uit te jaag, o, as die mense, net geestelik wees! Deur hier te staan, het ek daardie groot druk gevoel. Sy het uitgegaan, en ek het gebid: “Hemelse Vader, stuur die Heilige Gees agter haar aan.” Hy het haar reg *daarbuite* gevang, haar teruggebring, die boosheid uit haar uitgedryf. En ek verstaan sy het nou die Heilige Gees. Net, so ons is dankbaar daarvoor. “In My Naam sal hulle duiwels uitdryf.”

16 Nou, kom ons blaai na ’n—’n Skrif, en ek het omtrent ses bladsye van hulle hier neergeskryf, maar ek sal nie by hulle almal uitkom, behalwe—behalwe net ’n paar nie. En ek sê net dankie aan almal van julle vir julle goeie gemeenskap, samewerking, en my kan verdra soos wat julle doen.

17 Ons was by ’n kerkie vanmôre, Die Kerk Van God, hier oorkant, iewers agter, ons het opgegaan na *hierdie* kant, en teruggegaan, ek—ek sal nie weet waar dit was nie, maar beslis ’n lieflike pastoor daar ook. En daardie kerk het net gewag, ek was net tien dae laat vir daardie kerk, tien dae laat, maar ons het beslis ’n wonderlike tyd gehad, gemeenskap met die Here Jesus.

18 Nou, julle wat tekste neerskryf, as ek dit so sou noem, of, julle die Skriflesing neerskryf, uit Josua, die Boek van Josua, gevoel dat die Heilige Gees hierdie op my hart gelê het vir vanmiddag, Josua 10:12, een vers:

> *Toe het Josua met die* H*ERE gespreek, op die dag dat die* H*ERE die Amoriete aan die kinders van Israel oorgegee het, en voor die oë van Israel gesê, Son, staan stil op Gíbeon; en jy, Maan, in die dal van Ajalon.*

19 Jy sê: “Dis ’n ongewone teks,” dis reg, of: “’n ongewone Skriflesing.” My teks vanmiddag is, *’n Paradoks*.

20 Julle weet, God neem ongewone dinge, doen dinge op ongewone maniere, en Hy is baie ongewoon, maar Hy werk alle dinge ten goede mee vir hulle wat Hom liefhet. Hieruit geneem, die gevolgtrekking van die onderwerp van, *’n Paradoks*.

21 Nou, ek het gaan, dink daaraan, ek het die woordeboek gekry, En ek het gedink: “Dis soort van ’n ongewone woord, ons gebruik dit nie veel nie.” En ek het gedink: “Miskien, Here, omdat U dit op my hart geplaas het, mag daar iets daar wees wat ek moet naslaan.” En Webster se woordeboek sê ’n *paradoks* is “iets ongelooflik, maar waar, iets wat ongelooflik is, maar tog is dit waar.” Lyk glad nie of dit waar kan wees nie, maar dit is waar, dis ’n *paradoks*.

22 Ek het toe begin dink hoeveel paradokse ons kon uitwys, en as ons sou stop vanmiddag, sou dit julle verstom om te sien

hoeveel dinge dit wetenskaplik nie kon wees nie, maar dit tog is. Hierdie wêreld wat in die ruimte hang, is 'n paradoks. Ons word vertel dat dit omgaan, sy hele sirkel maak elke vier-en-twintig uur, en dis omtrent vyf-en-twintigduisend myl om die wêreld. En julle weet, jy kan . . . Daar's niks in die wêreld wat *so* volmaak sal beweeg soos daardie wêreld nie. En die verduistering van die maan vanaf die groot sonnestelsel, hoe hulle in die lug staan, wat so volmaak wentel, en om die ewenaar, dat jy dit kan meet vir twintig of dertig jaar, en dit nie 'n sekonde sal mis nie?

23 Ek het 'n horlosie hier, en dit is vir my gegee deur 'n paar goeie vriende oorkant toe ek in Switserland was, net 'n gewone Switserse horlosie, 'n horlosietjie wat waarskynlik omtrent 'n honderd-en-vyftig dollar gekos het, of iets, maar dis 'n goeie een, vir my. En dit word die Vulcain Cricket genoem, en dis een van die beste horlosies wat ek nog ooit gedra het, tog, kan ek dit stel en dit meet, binne twee of drie maande is dit óf vinnig óf stadig. En daar's niks wat ons het wat enigiets volmaak sal hou nie.

24 Maar God se tyd is volmaak, dit mis net nie 'n merkie nie. Hoe is hierdie groot hemelse bal wat in die lug hang, nie vasgemaak aan enigiets nie, wat homself om-en-om in *hierdie* rigting draai elke vier-en-twintig uur, en elke twaalf maande heeltemal rondom, van die son af terugkom? Somer, winter, herfs, lente, volmaak, net presies, en dit het dit al vir duisende jare gedoen. Daar is nie 'n mens op aarde wat dit kan verduidelik nie.

25 Wat is op en af? Is die Noordpool bo, of is die Suidpool bo? Ons weet nie, want ons is in die ruimte. En jy gooi 'n bal in die lug en kan dit dophou, dit sal nie twee omwentelinge op dieselfde plek maak nie. Dit val, gaan op, en dit maak sy eie wind, en, net soos die aarde, swaartekrag wat dit vashou, maar dit sal nie twee keer op dieselfde plek draai nie, dit gaan óf op óf kom af. Maar tog, het hierdie groot bal duisende maal duisende jare gedraai, nie 'n entjie gemis nie. Dis 'n paradoks.

26 Dis 'n paradoks wanneer jy daardie maan dophou. Kyk na die getye hierbuite op die kus, hoe daardie kwaai golwe met omtrent vier-vyfdes van die aarde, amper, in water, gaan na die strand toe en hou daardie gety dop soos daardie kwaai, groot golwe daar ver buite breek, 'n halfmyl ver in die oseaan of verder, slaan teen daardie oseaanoewer, waarom kom dit nie net oor nie? Daar's net een ding wat dit weerhou om dit te doen, dis die maan. Daardie maan: God se waghond, hy waak oor daardie strand omdat God sy grense gestel het, en dit nie daar kan oorgaan nie.

27 Maar wanneer daardie maan begin omdraai om na Vader te kyk, let op daardie gety sal uitglip, of, inglip, dan wanneer hy omdraai, neem dit weer sy plek in. Dit—dit moet, want dis God se waghond.

28 Daardie maan, miljoene myle weg van die aarde af, hoe kan dit die aarde beïnvloed? Hoe kan dit ’n lyn trek? Waarom loop daardie see nie ’n paar honderd myl in en stop dan nie? Omdat God sy grense gestel het, kan dit nie daarby verbygaan nie, en Hy het ’n wagter om toe te sien dat dit dit nie oorsteek nie.

29 En enigiemand weet wanneer die maan ondergaan, die gety daarmee saamgaan, opkom, dit saam met dit opkom, nog ’n paradoks, niemand kan dit verduidelik nie. Ons weet nie hoe, watter effek daardie maan op die aarde sou hê, en wat sou dit aan die gety doen? Sien? Dis ’n paradoks.

30 Ons kan ’n saad in die aarde plant, en daardie saad sal regdeur die winter in die aarde lê, soos ’n—’n koring, daardie koringsaad is saamgestel uit ’n omhulsel aan die buitekant, dan is die binnekant ’n pulp, en in daardie middel van daardie pulp is ’n kiem, dis lewe; dis hoe jy saamgestel is.

31 Jy het. . .bestaan uit siel, liggaam, en gees. Die buitekant, wat die liggaam is, word beheer deur vyf sintuie, jy gaan in daardie liggaam in deur vyf sintuie, sien, proe, voel, ruik, en hoor. Binne-in die liggaam is ’n siel, daardie siel het vyf poorte, gewete, ensovoorts, geheue. Maar daar binne-in is ’n gees, dis wat dit alles beheer, daar’s net een poort daarin, en dis vrye morele keuse, om op te tree, om te ontvang, of te weier.

32 En daardie saad geplant in die grond, wat gebeur dan? Die winter kom en laat dit bars, die omhulsel is weg, die pulp is weg, en daardie kiem van die lewe, jy kan dit nie vind nie, maar in die lentetyd kom dit weer terug.

33 Hier ’n tyd gelede was ek onder in Kentucky, om eekhorinkies te jag. En ek. . .Ons. . .Dit was droë weer en ons kon nie enige eekhorinkies kry nie, so ons het oorgegaan in die—die heuwelagtige deel van die land. Mnr. Wood, ’n vriend van my, het gesê: “Wel, Broer Branham,” gesê: “Ek ken ’n man daar oorkant wat baie woude het, en daar is ’n paar groot diep leegtes. Dit sal seker klam wees, ons kan daardeur glip.”

34 En terwyl ek daar oorkant was, wel, het ons by ’n huis gekom, en hy het gesê: “Ek sou nie uitklim nie, want hierdie kêrel is ’n ongelowige.” Gesê: “Hy glo net nie in God nie, en hy vervloek die einste gedagte aan God.”

Ek het gesê: “Goed, ek sal in die motor bly.”

35 So toe, het ons nadergery, en hy het geloop na ’n appelboompie waaronder die ou man gesit het, omtrent vyf-en-sewentig, en hy het met hom gepraat, en hom op die naam genoem, hy het gesê: “My naam is Banks Wood.” Hy het gesê: “Ek wil graag weet of ons op jou plek kan jag.”

Die ou kêrel het na hom gekyk, gesê: “Is jy Jim Wood se seun?”

Hy het gesê: “Ek is.”

36 Hy het gesê: "Help jouself, net waar jy wil gaan, baie plek hier, ek het vyfhonderd akker woude." Hy het gesê: "Wel, hoe gaan dit met Jim?" Het net 'n bietjie gesels.

37 Broer Wood het gesê...Nou, hy was 'n Jehova Getuie wat sy seun, kreupel, een been opgetrek onder hom, genees is in die diens. Hy's 'n kontrakteur, so hy het net opgehou kontrakteur, langs my ingetrek, is al omtrent tien jaar daar. Nou, is al sy mense, deur visioene, elkeen van hulle, selfs lesers in Jehova Getuies beweging, elkeen gevul met die Heilige Gees.

So toe het ons daar gestaan, hy het gesê: "Ek het my pastoor saam met my gebring."

38 En hierdie ou kêrel het gesê: "Wood, jy bedoel nie jy het so laag gedaal, dat jy 'n prediker saam met jou moet bring oral waar jy gaan nie?" En ek het gedink dit was tyd, vir my, om toe uit die motor te klim.

So ek het uit die motor geklim, omgestap na waar die ou heer gesit het, ek het gesê: "Aangename kennis?"

Hy het gesê: "Aangename kennis, meneer?" En hy het gesê: "En jy's 'n prediker?"

Gesê, ek het gesê: "Ja, meneer, ek is veronderstel om te wees."

En hy het gesê: "Wel," het hy gesê: "ek dink nie veel van daardie ouens nie."

En ek het gesê: "Wel, hulle is baie goeie ouens, meeste van hulle."

Hy het gesê: "Wel, dis die soort wat ek nog nie ontmoet het nie."

En ek het gesê: "Ja, meneer."

En hy het gesê: "Ek glo..."

Ek het gesê: "Wat laat jou dit sê?"

39 Hy het gesê: "Ek glo hulle blaf voor die verkeerde boom." Nou, enigiemand weet dat 'n hond waarmee jy in die nag jag, en hy blaf, voor die verkeerde boom, word jy altyd geflous. So hy het gesê: "Hulle blaf voor die verkeerde boom." En hy het gesê: "Hulle sê dat hulle Iets in die boom opgejaag het, maar jy kan Dit nooit sien nie."

"Ja, meneer."

En hy het gesê: "Hulle praat altyd van Iets, maar kan niks wys nie."

"Ja, meneer."

40 Hy het gesê: "Daar het 'n sekere prediker hiernatoe gekom omtrent twee jaar gelede, hierbo by 'n plekkie met die naam van Acton, bo by die Metodiste Kampterrein, het hulle 'n diens gehad." Gesê: "Daar was 'n ou suster, wat hierbo op die heuwel

woon, wat sterwend was aan kanker.” En gesê: “Hierdie man was nog nooit in hierdie streek gewees nie.”

41 En gesê: “By die diens daardie aand waar ’n paar duisend mense vergader het,” hy het gesê: “hierdie vrou se suster het daarbinne gesit en huil oor haar suster.” Gesê: “Sy kon nie eers meer op die bedpan kom nie, ek en my vrou moes ’n treklaken onder haar uittrek.” En gesê: “Sy. . . Haar suster daarbuite met ’n. . . aan die huil.” Gesê: “Hierdie prediker het na daardie vrou gekyk, en haar naam genoem, en gesê: ‘Jy huil oor ’n suster wat sterwend is aan kanker bo-op ’n sekere heuwel.’ ‘Ja,’ het die vrou gesê.”

42 Gesê: “Die prediker het gesê: ‘SO SPREEK DIE HERE: Neem daardie sakdoek net nou, wat jy in jou beursie het, wat jy in jou beursie gesit het toe jy by die huis weg is, en dit uit ’n laaikas se boonste laai gehaal het, ’n sakdoekie met voorletter in die hoekie, wit sakdoek met ’n blou voorletter, neem daardie sakdoek en lê dit op die vrou in die Naam van die Here.’ En gesê: ‘Sy sal gesond word.’”

43 “Wel,” gesê: “die vrou het weggegaan saam met nog ’n paar mense.” En gesê: “Eerlikwaar, dis drie myl, amper, daar oorkant,” en gesê: “ons het gedink hulle het die Heilsleër op daardie heuwel gehad omtrent tienuur een aand.” Maar gesê: “Ons het soontoe gegaan die volgende oggend, en die ou dame was op en besig om ontbyt te maak, gebraaide appelterte geëet vir ontbyt.” En gesê: “Dit was twee of drie jaar gelede.” En gesê: “Jy weet, sy het, sedertdien, nog nie eens ’n siek dag gehad nie.” Hy het gesê: “Nou, as ek *so*-iets kon sien gebeur.”

44 “O,” het ek gesê: “jy. . . ” Broer Wood het na my gekyk, en ek het my kop geskud. So hy het gesê. . . Daar gestaan, grond en eekhorinkiebloed, en alles, wangbaarde omtrent *so* lank, na in die heuwels gekamp het, en ek—ek het gesê: “Laat dit jou wonder?”

Hy het gesê: “Nee, meneer.”

Ek het gesê: “Gee jy om as ek een van daardie appels eet?”

Hy het gesê: “Help jouself, die geelbaadjies vreet hulle op.”

Ek het gesê: “Goed.” Ek het dit op my ou vuil broek gevryf en ’n hap geneem, ek het gesê: “Dis ’n lekker appel.”

Hy het gesê: “Is beslis. Ek het daardie boom vyf-en-dertig jaar gelede daar geplant.”

“Um-hum.” Ek het gesê: “Laat ons sien, hierdie is omtrent die laaste week in Augustus.”

“Ja, meneer.”

Ek het gesê: “Meneer, ek wil vir jou ’n vraag vra.”

Hy het gesê: “Vra gerus.”

Ek het gesê: "Toe jy daardie boom daar geplant het, hoe groot was dit?"

"O," het hy gesê: "dit was net 'n sprietjie, omtrent *so* hoog."

45 "Uh-huh." En ek het gesê: "Ek wil jou vra, dis nou maar die laaste week in Augustus, ons het nog nie eens 'n koel nag gehad nie, maar die appels is almal van daardie boom afgeval, en die blare het daarvan afgeval, daardie blaar het weer afgegaan in die wortel."

"Dis reg."

Ek het gesê: "Meneer, waarom het daardie blaar afgeval? Het dit uitgeput geraak?"

"Nee." Hy het gesê: "Wel, die lewe het daar uitgegaan."

"O, ek sien. En toe die lewe daar uitgegaan het, het dit teruggegaan na die wortel?"

"Ja."

Ek het gesê: "Meneer, as dit nie teruggegaan het na die wortel nie, wat dan?"

46 "Wel," het hy gesê: "die boom . . . Dit moet teruggaan na die wortel, die boom sou nie lewe nie, dit sou sterf, die winter sou dit doodmaak." Gesê: "Dit raak partymaal twintig en dertig onder vriespunt hier."

47 En ek het gesê: "Um-hum." Ek het gesê: "Meneer, sê vir my watter Intelligensie sê vir daardie sap om die boom te verlaat, en af te gaan na die wortels vir die winter. Nou, sit jy 'n emmer water op die paal *daarbuite*, en kyk of die water, in die middel van Augustus, sal begin afgaan na die onderkant van die paal." Ek het gesê: "Die boom het geen intelligensie nie, dit ken nie die seisoene nie, dit het geen intelligensie nie. Tog, is daar 'n Intelligensie iewers wat daardie boom terugstuur om sy lewe te bewaar."

Hy het gesê: "Ek het nog nie so daaraan gedink nie."

48 Ek het gesê: "Dan sien jy dit net hier in jou agterplaas. Waarom sou jy dan daardie prediker wou sien, wanneer jy dit net hier sien?" Ek het gesê: "Dieselfde Intelligensie wat vir my gesê het dat daardie vrou se suster sterwend was aan kanker, en ek haar in 'n visioen as genees gesien het, daardie selfde Intelligensie is so naby aan jou, dat Dit die boom beheer wat in jou agterplaas staan."

49 Opgestaan en my hand geskud, ek het hom na Christus toe gelei daardie middag, het omtrent 'n jaar later gesterf. Ek was hierdie jaar daaronder en ek het sy weduwee ontmoet, gegaan om haar te vra om te jag. Sy wou my eers van die plek af wegjaag, toe ek daar gekom het. Ek het gesê: "Wag net 'n oomblik." Sy was nie daar toe ek opgekom het nie.

Sy het gesê: "Meneer, kan jy nie lees nie?"

Ek het gesê: “Ja, mevrou.” Ek het nadergekom. Ek het gesê: “Ken jy my nie?”

Sy het gesê: “Nee, meneer, ek ken nie. Daardie ’n Indiana-nommerplaat op daardie motor?”

En ek het gesê: “Ek is Broer Branham. Jou man-. . . ”

50 “O!” Sy het net begin huil, en haar hande opgesteek, en God begin prys. Sy het gesê: “Seun, jy kan enige plek jag waar jy wil, bly so lank as wat jy wil.”

51 Wat was dit? ’n Paradoks. Niemand weet nie, niemand nie. Jy kan nie die Intelligensie vind wat Moeder Natuur beheer nie, maar dis ’n paradoks, ons kan dit nie verduidelik nie.

52 Ek het aan die dood gedink, en as ons met blare besig is, ’n blaar hang aan ’n boom vir ’n doel, en ek en jy hang aan ’n Boom van die Lewe nadat ons Christus aanvaar het. En na ’n rukkie, wanneer die seisoen verander, gaan die lewe uit daardie blaar uit af tot in die wortel, kom volgende jaar weer terug, om ’n nuwe blaar te bring.

53 En ons Christene wat in Christus glo, het die Ewige Lewe, en hang aan die Boom van die Lewe, maar eendag sal hierdie ou blaar afval, terugkeer na die God wat dit gegee het, net om weer in ’n ander seisoen te kom. Hierdie seisoen is ons verdeeld, ons is mans en vroue, en al wat dit is, is ’n saaiseisoen. Die boom voortdurend, jaar na jaar, om te getuig en bewys te lewer van die lewende God . . .

54 Die son kom op en sak om geboorte, dood, opstanding, geboorte, dood, opstanding te wys, volmaak te draai. Somer, winter, herfs, herfs, om net die dood, begrafnis, opstanding, dood, begrafnis, opstanding te wys. Maar wanneer ons weer opkom, sal dit ’n volledige nuwe seisoen wees, dit sal in die Millennium wees, daar sal geen dood meer wees nie. O, ons kon heelmiddag daarop bly. Hoe wonderlik om God se paradokse te sien, om te sien hoe Hy—Hy dit doen!

55 In Hebreërs, die 11de hoofstuk en die 3de vers, sê dit daarin dat God die wêreld gemaak het, die wêreld gevorm het uit dinge wat nie sigbaar is nie. Hierdie einste aarde waarop ons sit, is ’n paradoks. Wat is dit? Dis die Woord van God wat gemanifesteer is, dink daaraan. Die stoel waarin jy sit, die grond waarop jy jou voete sit, is ’n gesproke Woord van God. Hy het dit gemaak sonder enigiets om uit te maak, enigste Ding wat Hy gehad het, was Sy Woord, en Sy Woord is ’n Skepping in Homself. Wanneer Dit eers gespreek is, kan Dit nooit weer terugkeer totdat Dit dit bereik het waarvoor Dit bedoel was nie. Halleluja!

56 Doktor, ek begin godsdienstig voel. Sy Woord kan nie terugkeer tot Dit dit bereik het waarvoor dit gespreek is nie. God wag vanmiddag op mense wat daardie Woord sal aangryp en Dit vashou totdat Dit dit bereik het waarvoor Dit bedoel was. Ja, Dit

kan nie terugkeer nie, dis ’n paradoks, die hele Woord van God is ’n paradoks, kan nie terugkeer nie, moet bereik waarvoor Dit gespreek is.

57 Nou, na ons teks, Josua. Soos julle deur die hoofstuk lees, sal julle vind dat die Bybel sê dat daar nooit ’n dag soos daardie was, voor of na, dat toe God na ’n man geluister het nie. Ek het ’n tienermeisie, Rebekah, sy’s in die hoërskool. En hier ’n tyd gelede het ek dit gelees, en sy het gesê: “Pappa, daar moet ’n fout daar iewers wees.”

Ek het gesê: “Geen fout nie. Nie ’n . . . Geen foute in die Woord van God nie.”

Sy het gesê: “Pappa, die . . . Josua het nooit die son gestop nie, Pappa.” Ek het gesê . . . Sy het gesê: “Hy het die aarde gestop.”

Ek het gesê: “Rebekah, hy het die son gestop!”

Sy het gesê: “Pappa, hy kon dit nie gedoen het nie.”

“Wel,” het ek gesê: “dink jy God se Woord maak ’n fout, Skat?”

Gesê: “Nee, ek glo dit nie, Pappa, maar ek glo Josua het net nie verstaan nie.”

Ek het gesê: “Om God goed genoeg te ken om ’n wonderwerk soos *daardie* te doen, en tog het hy nie verstaan nie? Hy het geweet waarvan hy praat.”

Sy het gesê: “Pappa, die son is alreeds gestop, dit beweeg nie, hy het die aarde gestop.”

58 Ek het gesê: “Hy het nie van daardie missiel gepraat nie, hy het gesê: ‘Staan stil oor Gibeon; en in die dal van Ajalon, staan stil,’ en die son het nooit wegbeweeg van Gibeon, of Ajalon vir vier-en-twintig uur nie. Hy het nie gepraat van daardie missiel *daarbuite* nie, hy het gepraat van die son wat oor die aarde gaan. Hy was nie besorg *daaroor* nie, hy was besorg oor genoeg lig om die vyand van Israel te verslaan.” Die son is waarvan hy gepraat het, die son, die weerkaatsing van die son, dis die son waarvan hy gepraat het.

59 God se Woord maak geen foute nie. Wat dit sê, Dit het nie enige, enigiemand se interpretasie nodig om Dit te verdraai, Dit iets te laat sê wat Dit nie sê nie. Aanvaar Dit net vir wat Dit sê, want Dis God se Woord.

60 Nou, tog dat dit daar is, die skrywer wat hierdie Boek geskryf het en gesê het daar was nog nooit so-iets soos dit nie, daardie selfde God wat die son gestop het, het hierdie gesê in Markus 11, 11:22 en 23, Hy het gesê, Jesus het gesê, toe Hy van die boom gepraat het: “Voorwaar Ek sê vir julle, as jy vir hierdie berg sê: ‘Hef jou op,’ en nie in jou hart twyfel nie, maar glo dat wat jy gesê het sal gebeur, kan jy kry wat jy gesê het.”

61 Nou, dit was nie net vir Josua nie, dit was vir enige gelowige wat God se Woord kan neem. Eerstens, moet jy die regte motief en die regte doel hê, die regte rede daarvoor. Nou, maar dit was 'n paradoks.

62 Ons weet, baie van ons weet, en ek het, self, sulke dinge soos daardie sien gebeur, dinge wat geskape is wat ek weet dit gebeur het. Die onmoontlikheid (As ek tyd gehad het om daarop te vertoef, maar ek het nie.), van wetenskaplike bewys van die onmoontlikhede van die skepping, net God Self kon dit doen, want Hy is God. 'n God wat 'n paradoks daar kon maak, is steeds dieselfde God vandag wat steeds 'n paradoks kan maak. Reg.

63 Noag se tyd, in Noag se dag was dit 'n paradoks. Julle onthou, daar was geen reën op die aarde tot die dag van Noag nie, God het natgemaak deur die fonteine ensovoorts, maar Noag het 'n ark begin bou. Wat het hy gedoen? Voor die paradoks ooit plaasgevind het, het Noag voorbereidings getref daarvoor. O, mag ek dit sê vanmiddag, as ons hier vandag net sal voorberei vir ons paradoks! Die Een Wat 'n paradoks kan bring, is met ons. Die God Wie al Sy werke paradoks is, bo begrip, ongelooflik, maar waar, Hy kan 'n paradoks bring.

64 Noag het gereed gemaak daarvoor. Ek sou my voorstel dat mense, in sy voorbereidingstyd, gesê het: "Wonder wat daardie ou malle daarbuite het, daarbo besig om te timmer aan 'n—'n ou houtskip. Dit het nog nooit gereën nie, dis 'n. . . daar is nie so-iets nie."

65 Ek sou my voorstel die wetenskap kon uitkom na Noag en sê: "Kyk hier, ons het instrumente waarmee ons na die sterre kan skiet, en daar's geen reën daarbo nie. Hoe op aarde kan jou woorde waar wees, wanneer dit gaan reën, en daar is geen water daarbo nie?" Maar julle sien, as God gesê het dit gaan reën, kan Hy reën maak. So hy het gereedgemaak daarvoor, die para-. . . vir die paradoks gereedgemaak, en dit het gereën.

66 Abraham, toe hy bo-op die berg was met sy enigste kind, klein Isak, hy het vir vyf-en-twintig jaar gewag om die kind te kry, en toe, toe die kind omtrent veertien jaar oud was, het God vir hom gesê. . . Waarom het Hy dit nou gedoen? Om te bevestig dat God Sy Woord hou, maak nie saak hoe onredelik Dit lyk nie, Hy kan steeds optree en 'n paradoks maak.

67 Hy het gesê: "Neem hierdie klein, veertienjarige seuntjie van jou, neem hom op teen die berg, en offer hom as 'n offerhande." En hy het hom na die berg toe geneem.

68 En nou, as daardie. . . hy wat toe omtrent 'n honderd-en-vyftien jaar oud was, het vyf-en-twintig jaar gewag vir die seun, en hier die seun. . . en hy sou die enigste bewys vernietig wat hy het om hierdie belofte van God te sien, om vader van nasies te wees, ooit plaas te vind, en toe is hy gevra om dit te vernietig. Dis waarom hy die plek genoem het: "Jehova-jireh," want toe

hy net omtrent gereed was om volkome gehoorsaam aan God te wees, het die Heilige Gees sy hand gegryp, en ’n ram het agter hom geblêr, vasgehaak aan sy horings in die wildernis. Wat was dit? ’n Paradoks.

69 Kyk, hy was drie dae se reis van sy huis af, agter tussen die wilde diere, en behalwe dit, bo-op die berg waar daar nie ’n skaap kon gewees het nie, en hy sou nie daarbo gewees het waar daar geen water is nie. Waar het daardie ram vandaan gekom? Dit was nie ’n visioen nie, hy het die ram doodgemaak, en daar het bloed daaruit geloop. Dit was God, die Skepper. Omdat hy op sy pos gebly het met God se Woord, het daar ’n paradoks gekom, en hy het die ram doodgemaak, gesterf in sy seun se plek, ’n paradoks.

70 Dit was beslis ’n paradoks in Sodom, ’n tydjie tevore, toe Sara gelag het vir die Stem van ’n Man in menslike vlees daarbuite, wat God was, en Hy Sy rug gedraai gehad het op die tent, die Engel, en Hy met Abraham gepraat het, en hom sy naam: “Abraham” genoem het, vir Sara genoem het: “Sara,” terwyl hy pas daardie naam ontvang het ’n paar dae tevore, en gesê het: “Abraham, Ek gaan jou besoek volgens die tyd van die lewe,” en Sara, in die tent, het gelag: en die Engel met Sy rug gedraai na die tent, nie—nie een van hierdie nie, net soos ’n Teofanie, Hy was ’n Man met Sy rug gedraai na die tent, gesê het: “Waarom het Sara gelag in die tent, en gesê: ‘Dit kan nie so wees nie’?” Dit was ’n paradoks.

71 Eenkeer toe Israel se leërs verslaan was, en daar was groot soldate daar, magtige manne, Joab, Saul, kop en skouers bo elke man wat hy in die leër gehad het, almal gepantser met groot wapenrustings en swaarde, opgeleide manne, van seuns af, om te veg, maar omdat hulle gesien het die opposisie was so sterk, was hulle bang om die uitdaging van die uitdagende Goliat van die Filistyne te trotseer, bang om dit te trotseer.

72 Maar daar kom ’n krom-skouer, rooierige kêreltjie. Sy mamma het ’n paar rosyntjiepasteie gebak, en hy het hulle gebring om hulle vir sy broers te gee. En terwyl hy rondgemaal het, gesoek het na sy broers in die kamp, het hierdie Filistyn uitgestap en sy uitdaging gemaak, gesê: “Kies vir julle ’n man, en kom hiernatoe en veg teen my. As . . . Ons sal nie enige bloedvergieting tussen die nasies hê nie.” Dis natuurlik hoe die vyand daarvan hou om te spog, wanneer hy dink hy het die oorhand oor jou. Gesê: “Bring hom hiernatoe, en dan sal ons kies, en ons sal veg, en dan, as ek hom doodmaak, dien julle ons, hy my doodmaak, sal ons julle dien.”

73 En weet julle wat? Hy het dit op die verkeerde tyd gesê. Daar was ’n klein ou, krom seuntjie daarbinne, rooi, het die Bybel gesê, wat geweet het wat God bedoel het, hy het God al in aksie gesien. Hy het geweet dat die God van Israel ’n God van Ewigheid was.

Hy het geweet dat God hom verlos het uit die kloue van ’n leeu, uit die kloue van ’n beer, met ’n slingervel.

74 En hy het vir sy broers gesê: “Wil julle vir my sê dat julle Israeliete van die leërs van die lewende God hier sal staan, en daardie uitdagende Filistyn laat sê die dae van wonderwerke is verby? Wil julle vir my sê dat julle hom daarmee sal laat wegkom, wanneer God se belofte agter ons staan?” Halleluja! “God se belofte staan agter ons. Wil jy vir my sê julle sal hom laat spog, en sê?”

75 Dawid was die kleinste van die hele leër, en hy was nie eens in die leër nie. Hy het nog nie by hulle aangesluit nie, so hy—hy was soort van ’n *kleintjie*, ’n aanhangsel, en hy was nie ’n opgeleide man nie, hy was nog nie in die kweekskool nie, en hy het nie die kerkbaadjies gehad wat die res van hulle gehad het nie, maar, en toe hulle vir hom een wou aantrek, het dit hom nie gepas nie.

76 En ek dink, omtrent dieselfde ding vandag, wanneer Saul se kerkbaadjie vir ons aangetrek word, en vir ons sê: “Die dae van wonderwerke is verby, daar is glad nie so-iets soos die doop van die Heilige Gees nie,” pas dit nie ’n man van God nie. Reg. God se mense glo in ’n paradoks, glo in God.

77 En hierdie ou kêreltjie het daar gestaan, skouers het gehang, klein stukkie skaapvel om hom, geen groot wapenrusting, ensovoorts aan nie, so hy het gesê: “Wil julle vir my sê julle sal daardie onbesnede Filistyn toelaat, daardie ongelowige laat sê daar’s nie so-iets nie, en die leërs van die lewende God uitdaag?” Gesê: “Ek sal teen hom gaan veg.”

78 Dit was ’n paradoks toe ’n klein seuntjie ’n reus uitgedaag het met veertien-duim vingers. ’n Man met geen swaard, of geen skild, sover hulle kon sien nie, ’n man uitgedaag wat ’n spies gehad het soos ’n wewersbalk, omtrent dertig voet lank, was dit ’n paradoks.

79 Wat het hy gedoen? Hy het gesê: “Jy kom na my toe as ’n Filistyn, in die naam van ’n Filistyn, jy kom na my toe met ’n wapenrusting, en met ’n spies, en in ’n opgeleide kollege, maar ek kom na jou toe in die Naam van die Here God van Israel.” Dis reg. En ’n klein, rooierige kindjie, seun, waarskynlik sestien of agtien jaar oud, met ’n slingervel, het daardie groot uitdagende reus doodgemaak, paradoks, omdat hy God vertrou het. Sekerlik.

80 Moses, nadat hy ’n goed-opgeleide man was, ’n militêre man, geweet het waarvan hy praat, hy het geweet hoe om ’n leër te bestuur, hy het geweet hoe om te veg en het sy wapens beproef, maar dit het nie gewerk nie. En dit was ’n paradoks, na gepraat het met God in die vorm van vuur in ’n bos, wat ’n droë stok van die woestyn geneem het en afgegaan het en ’n leër oorgeneem het, ’n volk oorgeneem het met ’n droë stok. Het ’n leër oorgeneem, ’n volk oorgeneem op die ouderdom van tagtig jaar oud, met niks behalwe ’n stok in sy hand nie. Halleluja!

81 Wat was dit? Dit was nie Moses, of die stok nie, Dit was die God van die skepping daarin, was wat dit gedoen het, God, in hierdie ou, droë stok: "Neem hierdie stok in jou hand en gaan soontoe," soos ek nou die aand gesê het, 'n een-man inval.

82 Nou, waar Moses in die moeilikheid beland het in die vlees en een man doodgemaak het, het dit altyd aan hom gekleef, maar toe hy soontoe gegaan het in die Gees, en die hele volk doodgemaak, was dit glorieryk. Sekerlik. Hy het die gebooie van die Here gevolg, dis wat dit doen.

83 Ek het al dikwels gedink hoe belaglik dit moes gelyk het vir die vleeslike verstand, 'n ou man, wangbaarde wat op sy bors hang, sy kaal kop wat seker geblink het in die son, hare wat hang, wat 'n klein donkie agter hom aangetrek het, sy vrou wat daar sit met 'n kleintjie wat op haar heup sit, hierdie ou stok, sy oë wat reguit opkyk na die hemele, wat daar aanstap: "Waarheen gaan jy, Moses?"

"Gaan af Egipte toe om te gaan oorneem."

84 Die ding is, hy het dit gedoen, omdat hy kon gaan in die Naam van die Here. God het net een man in Sy hand nodig, Hy kan die res doen. Hy het mense probeer vind. Partymaal kan Hy 'n man in sy hand kry. En hy het afgegaan en 'n hele volk oorgeneem met 'n stok in sy hand.

85 Nou, sê julle my nou net of dit alledaags is, die gewone roetine, vir 'n man om 'n stok in sy hand te neem en te gaan, vir Rusland oor te neem. As God hom gestuur het, sal hy dit doen, want die God wat hom gestuur het, sal met hom wees. Jesus het gesê: "Soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle." En toe Hy. . . Die Vader wat Hom gestuur het, was in Hom, en wanneer God enige mens stuur, gaan Christus in hom, sekerlik: "Soos die Vader My gestuur het," die Vader wat Hom gestuur het, het saam met Hom gegaan, en die Christus wat die man stuur, gaan saam met die man. Sien? Daar's net oral paradokse.

86 Nou, 'n droë stok, maar hy het afgegaan en dit oorgeneem, hoe belaglik, lyk vreemd.

87 Dit het belaglik gelyk toe daar nêrens 'n put was nie. Onder in die valleie, oral oor die heuwels kon hulle nie eens 'n reuk van water vind nie. En die droogste plek wat in die woestyn was, was daardie ou Rots. Gaan hier uit in die woestyn, kyk en sien. Lyk asof daar agter onder 'n mooi koelteboompie, of iewers, 'n klein fonteintjie sou wees. Gaan af in die vallei waar al die waters afloop, en as jy daaronder grawe sal jy die vinnigste water vind. Maar God het hom bo-op die heuwel na die droogste ding daar gestuur. Dis hoe God maak, Hy hou daarvan om iets te neem wat niks is nie en te wys dat Hy iets is. Soos ek dikwels gesê het: "God neem die niemands om *iemand* van hulle te maak. Maar wanneer mense dink hulle is *iemands*, dan word hulle niemands in God se oë."

88 Nou, ons vind uit dat Moses daardie droë stok geneem het en die Rots getref het, en toe hy het, het daar water uitgekom. Nou, kry ’n stok en gaan uit in die woestyn vandag en begin op rotse slaan. Dit was ’n paradoks.

89 Was ’n paradoks toe God manna uit die hemele gereën het. Ja. Dit was ’n paradoks. Sonder twyfel . . . Wonder of Hy nie groot oonde daarbo gehad het om dit te bak nie. Hy het nie nodig gehad om dit te hê nie, Hy was ’n Skepper, en Hy het die manna geskep wat elke aand vars geval het. Hy het nie nodig gehad om oonde te hê nie, Hy is ’n Skepper.

90 Eenkeer toe ’n gelowige in verkeerde geselskap beland het, ons kry dit die heeltyd, ’n gelowige, met die naam van Jósafat, het in die verkeerde geselskap beland by Agab, ’n skyngelowige. En wanneer ’n skyngelowige en ’n gelowige bymekaar kom, het jy probleme. Nou, wanneer jy ’n gelowige in ’n kweekskool kry wat ’n klomp skyngelowiges daarin het, het jy weer probleme.

91 So Jósafat wou ’n appeltjie skil, of, Agab, liewer, het vir Jósafat gevra om te kom. Hy het vir hom al die glorie van sy koninkryk gewys, en Jósafat, soos ’n gelowige, sien somtyds die opwindende, iets buitengewoon, hy raak opgewonde daaroor, en dis wanneer die man moet dophou. Dis waar julle meisies moet dophou, een of ander kêreltjie met sy gladde hare, en, wees versigtig. Party van julle kêrels moet daardie klein—klein Isébel dophou, julle weet, wat julle op die verkeerde pad lei. Wees versigtig, bly in die regte geselskap.

92 Let op, so hier was ’n gelowige in die geselskap van ’n skyngelowige, so hy het ’n appeltjie gehad om te skil, natuurlik, en hy het gesê: “Nou, ek sê jou wat ons sal doen. Julle weet ons is broers, ons almal net dieselfde.” Maar ons is nie dieselfde nie. Nee, meneer, jy meng nie olie en water nie. Nee, meneer. “Ons is almal net dieselfde, so laat julle strydwaens ons s’n wees, en ons s’n julle s’n, en ons sal opgaan na Gilgal, en ons sal hierdie oorlog veg, en hierdie, die vyand verslaan.”

Wel, Jósafat het genoeg gewone ordentlikheid in hom gehad om te sê: “Dink jy nie ons behoort eers die Here te raadpleeg nie?”

93 Ek kan my groot President Agab voorstel wat sê: “Ahem! Wel, sekerlik so. Sekerlik, ons is—ons is ’n groot nasie hier, glo in God. So jy weet wat? Ek het net die antwoord.” O, ja. “Ek het ’n kweekskool so vol van hulle hieronder, ek het vierhonderd van die bes-opgeleide profete wat daar in die land is, ek het die beste. Jy moet hulle hoor sê: ‘Ah-man.’ Julle moet die soet, klein gebedjies hoor wat hulle kan bid. Bring hulle, laat ons hulle sien.”

94 So hulle het hulleself aangetrek om mooi te lyk, buite in die poorte gestaan, en toe hulle het, daar, vierhonderd profete gebring het, en toe hulle het, almal van hulle profete, en hulle

het gesê: "Trek op, en die Here seën julle. Gaan soontoe. Ons is vierhonderd sterk, eendragtig. Trek op: 'Ek sal julle seën, met julle wees.'"

95 Maar dit het Jósafat nie oortuig nie. Julle weet, hulle kan vir jou sê al hierdie dinge is goed, maar ver onder in jou hart weet jy. Soos ek gister gesê het: "Daardie klein, stil Stemmetjie draai die hele wiel." Iets het nie reg gelyk nie, hy het gesê: "Meneer, het jy nie nog een nie?"

96 "Nog een, wanneer die hele kweekskool hier is?" Hum? "Wel, *hier* is Aartsbiskop *So-en-so* en al die res van hulle. Hy het klaar vir homself 'n paar ysterhorings gemaak, en gesê: '*Hiermee* sal jy die vyand van die land afstoot.'"

97 En dit, skynbaar, was dit net presies reg, want, eintlik, het die land aan Israel behoort. Sien, dit kan so eg en so reg lyk, maar as jy 'n paradoks wil hê, moet jy geensins van God se Woord afwyk nie, jy moet reg by die Woord bly. Jesus het gesê: "As julle in My bly, en My Woord in julle, vra dan wat julle wil." Maar dis met 'n voorwaarde.

98 Nou, dit het gelyk asof: "Daardie grond behoort aan ons, waarom kan ons dit nie gaan haal nie? Dis ons s'n, dit behoort aan ons." En daardie manne was nie net heidene nie, hulle was Joodse profete, hulle het gesê: "Trek op, die Here is met julle." Maar wat dit was, hulle het gemeng met die wêreld. Gedurende die heerskappy van Agab en Isébel, het sy hulle rondgelei en—en hulle almal laat meng met die wêreld, en, eintlik, was die Gees van die Here nie met hulle nie.

99 So toe, het hy hulle net daar uitgebring en hulle het geprofeteer. Maar tog, het dit Josafat soort van nie tevrede gestel nie, het hy gesê: "Het jy nie nog een wat jy kan raadpleeg nie?"

100 Hy het gesê: "Ja, ek het nog een, maar hy's 'n holy-roller. Ek—ek hou net nie van hom nie, hy val my altyd aan." Prys God! "Hy skel my altyd uit. Hy glo ek het die slegste vrou in die wêreld. Hy—hy—hy—hy's verskriklik. Ons kan hom net nie hier hê nie."

"O," het hy gesê: "moenie dat die koning so sê nie. Wil graag na hom luister."

101 Gesê: "Hy's Miga, die seun van Jimla. Maar ek—ek—ek hou net nie van hom nie, hy sê altyd iets slegs van my, ek het hom al 'n dosyn keer in die tronk gehad. Maar hy's een van daardie holy-rollers. Maar ons wil hom nie hierbo hê nie."

"O, moenie dat die koning so sê nie. Gaan roep hom."

102 So hulle het 'n voorloper gehad, soos jy partymaal het wanneer jy na 'n herlewing gaan. "Ag! Shh, maar moet niks *hiervan* sê nie. Moenie teen *hierdie* preek nie. O, die, hulle glo nie *daarin* nie. Nou, jy moet *hierdie* uitlos. Nou, jy moet niks van *ahem* sê nie!" Wel, julle weet wat ek wil sê, nie waar nie? "Moet niks *daaroor* sê nie, want jy gaan seermaak, jy sal hulle

gevoelens seermaak. Nou, hulle het pastore daar, en hulle—hulle vertel hulle *dit*, *dat*. Moenie jy . . . Sê jy dieselfde.”

103 Miga, ’n gesalfde man, hy het gesê: “Ek sal net sê wat God in my mond sit om te sê.” Amen. God, gee ons nog Miga’s. “Maar ek sê net wat God in my mond sit.”

104 Laat ons sien of sy visioen volgens die Woord was, dis hoe dit is . . . dit beoordeel word, wat reg is, kyk watter een ooreenstem met die Woord. Miga het gekom. Hy het gesê: “Hoeveel keer beveel ek jou?”

105 Miga het gesê: “Gaan maar. Gee my eers die aand, laat my sien wat die Here sal sê, dan sal ek vir julle sê wat SO SPREEK DIE HERE is.” Dis reg. Soek eers die Koninkryk van God. Laat ons kyk wat reg is.

106 So daardie nag het Miga ’n visioen gehad en hy het die Here gesien. En hy het daardie visioen ondersoek met die Woord, en dit was volgens die Woord. Enige visioen, droom, of enigiets anders wat teenstrydig is met die Woord, is nie reg nie.

107 Laat ek net ’n oomblik stop. ’n Man het na my toe gekom nie lank gelede nie, van oorsee gekom. Die man was verkeerd, hy het drie of vier kinders gehad, en ’n vrou, en hy het was saam met ’n vrou hier oorkant, ek sê nie enigiets onsedelik nie, maar dit het net nie reg gelyk nie. Julle sien, julle moet dophou wat julle doen in die oë van die publiek, julle is geskrewe briewe.

108 En hy het gesê . . . Ek het hom soort van daarmee konfronteer, ek het gesê: “Meneer, ek hoop nie jy dink ek is onbeskof nie, maar ek wil net graag iets sê as ’n prediker. Dink jy nie dat die mense hier sal dink . . . ?”

“O,” gesê: “Nee, nee, dis alles reg in my land.”

Ek het gesê: “Maar jy’s nie in jou land nie,” sien: “jy’s *hier* oorkant. En as . . . Mense sal iets daarvan dink.” Hy het gesê . . .

Ek het gesê: “Ken jy die vrou?”

“Ja.”

Ek het gesê: “Ken jy haar geskiedenis?” Ek het.

109 Hy het gesê. “Ja.” Gesê: “Broer Branham, ek weet sy lewe net nou saam met haar vierde man.” Gesê: “En, Broer Branham, weet jy wat? Sy’s so ’n lieflike vrou.” Gesê: “Ek het na die Here toe gegaan, en ek het gesê: ‘Here, sê vir my wat fout is met hierdie vrou.’ Gesê: ‘Waarom sou jy haar seën met die Heilige Gees, en alles, en lewe in owerspel?’”

110 Hy het gesê: “Wel,” gesê: “jy weet, die Here het my ’n droom gegee.” En gesê: “Ek het my vrou onsedelik sien lewe saam met ’n ander man.” En ek het gesê . . . En gesê: “Toe het sy na my toe gekom, en neergeval, gesê: ‘Sal jy my vergewe?’ En gesê: ‘Sekerlik.’ En gesê: “Toe het die Here gesê: ‘Ek vergewe haar.’

Gesê: 'Jy sien, maak nie saak of sy gedoen het soos sy doen nie, ek vergewe haar.'"

111 Ek het gesê: "Meneer, jou visioen, of, jou droom was mooi, maar dit stem nie ooreen met die Woord van God nie." Reg! God kan nie een Ding sê, en Dit *hier* oorkant terugtrek nie. Hy moet een Ding sê, en Daarby bly totdat Dit dit bereik het waarvoor Dit bedoel was. Dan sien jy die paradoks.

112 So ons vind uit, en, Miga het gesê: "Trek maar op, as jy wil, maar Ek het Israel gesien soos skape wat verstrooid is, sonder 'n herder."

113 En toe het Sedekía opgekom, wat die hoë. . .groep van die grootste, een van die profete is, of die mees effektiewe een, die leier van hulle, gekom en gesê, hom op die mond geklap, en gesê: "Waarnatoe het die Gees van God uitgegaan van. . .toe Dit uit my uitgegaan het?" Hy het nie die Gees van God gehad nie.

Hy het gesê: "Ek het Israel verstrooid gesien soos skape op 'n heuwel."

114 En so het hy gesê: "Vat hierdie man," die koning het: "en sit hom in die tronk, en gee hom brood en water van verdrukking totdat ek in vrede terugkeer, soos al my herders hier sê dat ek sal: 'En jy keer terug in vrede.'"

115 Nou, as Agab sou gaan sit en luister. . .Onthou, ons weet dat Elía 'n bevestigde profeet was. 'n Profeet kom nie net oornag op nie, profete word gebore as profete, sekerlik, en hy was 'n profeet van sy kinderdae af. En hy, elke Woord wat hy gesê het, sy hele Doktrine was van God, want God het hom bevestig, as hy 'n profeet was, het Hy.

116 So toe, toe hy dit gedoen het, het hy toe geweet, Miga het die visioen gesien, en die visioen het vergelyk met—met die visioen van die profeet. Twee profete het bymekaar gekom. En Elía het vir Agab gesê wat sou gebeur, dat die honde sy bloed sou oplek. En hoe kon Miga seën wat God vervloek het?

117 Nou, laat ek 'n oomblik stop. Hoe kan God vandag seën wat Hy vervloek het? Kan dit nie doen nie. Lieg, steel, bedrieg, al hierdie goed is verkeerd, en baie ander dinge wat ek kon sê. As dit verkeerd is, is dit verkeerd. [Leë kol op band—Red.]

118 Wat het gebeur? Ons vind uit dit was 'n paradoks, dat een man, een klein, verslete holy-rollertjie, hier opgestaan het ten aanskoue van 'n hele kweekskool vol profete, en God sy Woord bevestig het, omdat hy volgens die Woord was. Dis reg. Dis. . . was 'n paradoks.

119 Toe God vir Johannes die Doper geneem het en hom die voorloper van Christus gemaak het, in plaas van om een van die ryk, koninklike priesters te neem, was dit 'n paradoks. Hoe sou God 'n man neem wat glad nie enige geleerdheid gehad het nie? In die wildernis ingegaan op die ouderdom van nege toe hy sy

ouers verloor het, daarbuite in die wildernis gebly het, uitgekom, gelyk soos ’n wollerige wurm, die baard op sy gesig, en ’n stuk skaapvel om hom gedraai, en in modder daarbo gestaan, en die—die gehoor vir wie hy gepreek het, ’n geslag van slange in die gras genoem. Kan julle julle voorstel God neem ’n man wat dit vir ’n gehoor sou sê van gesofistikeerde Jode, sogenaamde gelowiges?

120 Hy het gesê: “Julle addergeslag!” Nie: “Hallo, Biskop *So-en-so*, ek’s so bly om jou te sien,” nie. O, julle swakkelinge. . . ! “O, julle addergeslag, wie het julle gewaarsku om te vlug van die toorn wat kom? Moenie dink: ‘Ons behoort *hieraan* of *daaraan*’ nie, God is in staat om uit hierdie klippe kinders van Abraham op te wek.” Toe God bevestig het, het dit ’n paradoks veroorsaak. Hy het die Heilige Gees sien neerdaal soos ’n duif op die Seun van die mens, dit was ’n paradoks.

121 Wat was ’n groter paradoks as die maagdelike geboorte? Nou, ek weet ek’s nie. . . wil nie. . . Nou, ons het ’n gemengde gehoor. Nou, ek wil hê julle moet my verstaan, want ek verwag iets, en om iets te verwag, moet jy by die Woord bly. “As julle in My bly, en My Woord in julle, vra dan wat julle wil.” Dis die voorwaardes. Nie, vandag, en môre iets anders, en verander vir *hierdie* een, en verander vir *daardie* een nie, maar reg by die Woord en Gólgota bly, vra dan wat jy wil.

122 Nou, ons vind dat in hierdie maagdelike geboorte, baie van die mense, julle kosbare Katolieke mense, my herkoms is ook Katoliek, julle weet, so ons vind uit dat julle vandag vir Maria neem en haar ’n godin maak, ’n middelaar.

123 Broer Valdena, hier iewers op die platvorm, reken ek, was onder in Mexiko, Generaal, [’n Broer sê: “Medina.”—Red.] Medina, Medina. Hy was nou die aand hier, het sy arms om my gesit, en deur sy tolk gepraat, hy het gesê: “Broer Branham, ek bewonder jou moed om op jou oortuiging te staan.” Gesê: “Bly daarby, seun.” Hy’s ’n man, militêre man, wat weet wat dit beteken om ’n opdrag te gee, hy het daarbuite in die voorste linie gestaan: “Bly jy op jou pos!” Dis wat God wil hê Sy soldate moet doen, op die pos bly ongeag van wat kom of gaan, daar bly, net daar bly. So hy het gesê. . .

124 Hierdie maagdelike geboorte. . . Ek was daaronder in Mexiko, en daar was net allerhande soorte heiliges. Dis waar die babatjie opgewek is uit die dood, julle het dit gesien in die Christen Sakemanne. Ek wil julle bedank vir daardie kompliment, God seën julle. Toe die babatjie, ons wou dit nie net so laat gaan, totdat die dokter gesê het dat die baba daardie oggend om nege-uur gesterf het nie, en hierdie was omtrent tien of elfuur daardie aand. En die sustertjie wat daarbuite gestaan het, ’n Katolieke meisietjie met die baba in haar arm, en driehonderd plekaanwysers kon haar nie van die platvorm afhou nie.

125 Billy het na my toe gekom, gesê: "Pappa, jy moet iets daaromtrent doen," gesê: "dit—dis al wat dit is." Gesê: "Sy het geen gebedskaartjie nie," gesê: "want ek het gekyk." Gesê: "Daardie broer, ek weet nie . . . "

126 Verskoon my, Mexikaanse mense, maar ek het hom *Mañana* genoem, wat "môre" beteken, Sien? Hy was veronderstel om my te kom haal om sewe-uur en hy het om nege gekom, altyd, omtrent twee of drie uur laat, hy is net so erg soos ek. En toe, hier was hy, hy het gebedskaartjies uitgegee, en hy sou saam met hulle almal loop, julle weet, en Billy wat hom dophou, om seker te maak dat hy nie een verkoop het nie, so, hom dopgehou, aangestap . . . Wees versigtig, ek het hom soontoe gestuur om dit te doen. So hy was ordentlik daarmee.

127 So ek het op die platvorm gekom. Die vorige aand, daar, was daar 'n ou Mexikaanse broer wat opgekom het. En 'n hele stapel, hoop, vol ou klere daardie aand. Arme, ou Mexikaan, en ou klein vuil voetjies, omtrent tagtig jaar oud, stokblind, ou hoed in sy hande wat vasgewerk was met tou, vol stof, en hy het daar aangekom en iets in Spaans gesê, en ek kon hom nie verstaan nie. En so, het hy by my probeer uitkom toe hy uitgevind het . . . Hy het sy hand in sy sak gesteek, en 'n bidsnoer uitgehaal en begin, nie nodig nie. Hy was blind, en ek het die ou kêrel na my toe getrek.

128 Ek het gedink . . . Jy weet, jy moet die persoon se toestand voel, of jy sal hom nooit kan help nie. Jy moet hulle lyding voel, as jy dit nie doen nie, net koudhartig is, sal dit nooit werk nie. Jy moet jouself plaas . . . ek het gekyk, hy . . . Ek het gedink: "Arme ou kêrel, miskien 'n groot klomp kindertjies hierbuite iewers."

129 En hulle ekonomie is baie swak, en dis reg. Miskien kry Pancho dertig pesos 'n week, en hy's 'n messelaar, en die ander een kry vyftien pesos, Pedro, en—en hy's 'n stukwerker, en—en hy het 'n klomp kinders om te voed. En dan, 'n ou vetterige tortilla iewers eet wat gemaak is van amoeba blaarslaai, en goed wat hulle weggegooi het, maar hy moet *soveel* spaar om 'n vetkers te koop wat op 'n miljoen-dollar altaar moet gaan vir sy sonde. Onsin! Christus is ons Offer, Christus is die Een. Ons het geen altare van miljoen dollar nodig nie, ons het 'n oop hart nodig.

130 So daardie ou vroutjie daaronder, Billy het gesê . . . En, eers oor hierdie ou man, ek het my voet teenaan gesit om te kyk of my skoene . . . daar het ek daar gestaan met 'n paar skoene aan, hy het waarskynlik nog nooit 'n paar gehad nie, ek het gedink: "As my skoene hom sou pas, sal ek hulle vir hom gee." My skouers teen syne gesit, hy was baie groter, so ek kon hom nie my klere gee nie.

131 Ek het my arm om hom gesit, ek het gedink: "As my pa sou gelewe het, sou hy omtrent daardie ouderdom gewees het." En ek het gesê: "O Here God," hy, Broer Espinoza, hy's waarskynlik hier

iewers, hy tolk nooit die gebed nie, en ek het gebid: “Here God,” en ek het hom hoor skree: “Gloria a Dios!” En hy het rondgekyk, hy kon beter sien as wat ek kon. Hy was . . . kon sien, en daar het hy begin skree.

132 Die volgende aand, het ou tjalies en jasse opgehoop soos *daardie* regoor die platvorm. En Billy het vir my gesê, hy het gesê: “Pappa, jy kan nie daardie vrou daar weghou nie,” het hy gesê: “sy het ’n dooie baba.” Gietende reën, en hulle het daar gestaan, geen plek om te sit nie, daardie groot plek, geen plek om te sit nie, net teen mekaar aangeleun van nege-uur daardie oggend af, en dit was omtrent tien-dertig daardie aand, gestaan in daardie son en reën. O, Amerika, Amerika, hoe julle eendag aan die kortste ent gaan trek, tensy hulle bekeer. Dis reg. Lief vir God! Daardie aand het ek omtrent vyf-en-twintigduisend mense op een slag na Christus toe sien kom, daar by Mexiko Stad.

133 Toe het ek, hierdie vroutjie opgelet, wat daaronder skree, die plekaanwysers haar probeer stop, het sy daardie baba onder haar arm ingedruk en reg tussen hulle bene deur hardloop. Hulle sou haar probeer vashou, sou sy bo-op hulle spring, bo-oor hulle klim, krap, baklei, alles om daarbo te kom. En hulle het gesê: “Jy kan nie daar opgaan nie,” haar vashou.

134 So ek het vir Broer Jack Moore gesê, ek wonder of hy by die konvensie was, ek het gesê: “Broer Jack, gaan soontoe en bid vir haar. Sy ken my nie, so bid vir daardie baba, en dit sal haar stop.” En ek het omgedraai, ek was soos *hierdie*, het omgedraai om te kyk, en ek het in ’n visioen gesien, hier reg voor my, ’n klein, donker-vel Mexikaanse babatjie, sonder tande, wat vir my glimlag. Ek het ’n oomblik gewag, ek het teruggetree, ek het weer gekyk, ek het gesê: “Wag ’n oomblik,” paradoks: “bring haar hier.” Die plekaanwysers het die ry oopgemaak.

Sy het daar opgekom, en neergeval, begin skree: “Padre!”

135 Ek het gesê: “Net ’n oomblik. Staan op.” Ek het gesê: “Hemelse Vader, ek weet nie wat dit beteken het nie, maar onder hierdie kombers,” en dit was sopnat: “is daar ’n klein, dooie babatjie. Hulle het gesê dit het vanmôre om nege-uur gesterf. En hierdie vroutjie se hart verlang, dis haar babatjie. Ek lê my hande in gehoorsaamheid aan daardie visioen.” Omtrent daardie tyd het die baba “Whaah” gemaak, en het dit uitgeroep, en begin skree, lewendig geword, dit was ’n paradoks.

136 Ek het gesê: “Broer Espinoza, moet dit nie neerskryf nie. Gaan na die dokter toe en kry ’n getekende verklaring: ‘Daardie baba het gesterf.’” En hy het. Sien? Paradoks. Ek het dit nou vyf keer sien gebeur, vyf keer, paradoks.

137 Die maagdelike geboorte was ’n paradoks. Ek glo nie dat Jesus enige deel van Maria was nie, dit was nie Sy moeder nie, dit was ’n vrou wat God vir daardie doel gebruik het, as, ’n broeikas, om Sy Kind te baar. As Maria . . . As die saad van die vrou . . . Wat,

sy is die eier en die man het die hemoglobien, as dit reg is, Dokter, sien jy, die—die bloed. Die lewe is in die bloedsel.

138 En 'n hen kan 'n eier lê, maar as sy nie by die manlike voël was nie, sal dit nooit uitbroei nie. Nou, ek het dit al dikwels gesê, ek sê dit weer: Dit word lentetyd, die voëls sal almal hulle neste begin bou. 'n Ou moedervoël kan op haar nes kom en op daardie eiers broei, en so getrou daarop bly totdat sy amper doodgaan van die honger, sy so swak word dat sy nie van die nes af kan vlieg nie, daardie eiers sal nooit uitbroei, as sy nie by die maat was nie.

139 Nou, broer, niks verkeerd met Episkopale, Metodiste, of Baptiste nie, maar wat het ons? Solank dit 'n organisasie is (Laat dit Pinkster wees.), as daardie mense nie kontak gemaak het met die Maat, Jesus Christus nie, het jy niks anders as 'n nes vol vrot eiers wat net daar sal lê en verrot nie. Ek gee nie om hoeveel Ph.D., LL.D's, dubbel L.D's, of wat jy ook al op hulle sit in kweekskool nie, dis net van die wêreld. Ons moet die Kiem van die Lewe vind, God se gesproke Ewige Lewe: "Tensy 'n mens wedergebore word . . ."

140 Wat het jy? Julle maak diakens van hulle, biskoppe, en alles, jy het niks behalwe 'n klomp vrot eiers nie, die enigste ding om te doen, is om die nes skoon te maak en weer oor te begin. Reg. Dit sal nooit in staat wees om dit te doen totdat ons begin het nie. Wil julle 'n paradoks hê? Wil julle Lewe hê? Julle moet Lewe daarin inbring. Dis reg.

141 Maria, as daardie Baba se liggaam, wat die vlees van die eier af kom, en as daardie Baba se liggaam vlees van Maria was, wat dan? Dan moes Maria een of ander soort sensasie gehad het. Sien julle waar julle God plaas dit doen? God het beide eier en Bloedsel geskep. En Hy was nie Jood nie, Hy was ook nie Heiden nie, Hy was God, God in die vorm van sondige vlees. Dis die rede: "Ek sal nie sien . . . My Heilige verderwing laat sien nie, ook nie Sy Siel in die hel los nie." Hy was die manifestasie, God, om in 'n tabernakel in te kom wat Hy Self geskep het. Jesus het haar nooit, in die hele Skrif, *moeder* genoem nie, Hy het haar, *vrou* genoem, nie, *moeder* nie, *vrou*.

Gesê: "U moeder is buite op soek na U."

142 Hy het gesê: "Wie is My moeder?" Het na Sy dissipels gekyk, gesê: "Die een wat die wil van My Vader doen, is My moeder." Dis reg. So julle sien, dit was totale maagdelike geboorte, beide kante, maagdelike geboorte. 'n Paradoks kan nie verklaar word nie, daar's niks wat dit kan verduidelik nie.

143 Hier 'n tyd gelede was ek in die berge besig om te jag, daar was 'n groot ou, lang kêrel met die naam Jeverez, G-e-v-r-e-z, 'n Fransman, ons het teruggery, en ek het hom pas ontmoet, en hy het gesê: "Wat is jy?"

Ek het gesê: "Ek's 'n prediker."

Hy het gesê: “Jy lyk te intelligent daarvoor.”

En ek—ek het gesê: “Wel, ek . . . Dis net opinie.”

En hy het gesê: “Ek reken jy glo daardie Baba was—was ’n maagdelike geborene.”

Ek het gesê: “Ja, meneer.”

Hy het gesê: “Meneer, dis teen alle wetenskaplike reëls.”

144 Ek het gesê: “Jy kan God nie met die wetenskap bewys nie, jy moet Hom glo.” Jy bewys God nie, jy aanvaar dit, jy glo dit. As jy dit kan bewys, is dit nie meer geloof nie, dan is dit iets wat jy kan verduidelik, God kan nie verduidelik word nie.

145 Toe ’n bietjie verder gery, en hy het gesê: “Ek glo dit nie, daar’s niks in die wêreld wat my kan laat glo nie.” Gesê: “Josef was die vader van daardie Baba.”

Ek het gesê: “God was die Vader van daardie Baba.”

Gesê: “Daar is glad nie so-Iets nie.”

En ek het gesê: “O, onsin.”

146 Hy het gesê: “Kyk, Mnr. Branham.” Hy het gesê: “Voor jy mielies kan kweek, voor jy ’n boom, of enigiets kan kweek, moet daar ’n werklike kontak van manlik en vroulik wees voor dit kan gebeur.” Gesê: “Jy kan dit nie doen nie, dit kan nie voortplant sonder werklike kontak nie.”

147 Ek het gesê: “Ek wil jou dan iets vra. Jy het vir my gesê dat die mens kom van die,” die etiek van Darwin geleer: “dat die mens van ’n enkele sel gekom het wat ’n klein jellievissie was of iets wat in ’n spons verander het, toe ’n jellievis, en toe uitgegroei, en ’n vratjie gevorm het, en ’n arm gekom het, ensovoorts, alles soos daardie.’” Ek het gesê: “Sê jy dan dat dit die eerste mens was?”

Hy het gesê: “Ek glo dit.”

148 Ek het gesê: “My geloof is nie so sterk nie, meneer.” Ek het gesê: “Ek kan dit nie glo nie, ek glo net wat God daarvan gesê het, sien, dat Hy die mens na Sy Eie beeld gemaak het.” Ek het gesê: “Dan wil ek jou iets vra. As . . . Jy sal erken dat—dat hierdie vrou die Baba kon gehad het, maar sy moes werklik kontak met ’n man hê?”

Gesê: “Ja, meneer, dis teen alle wetenskaplike reëls.”

149 Ek het gesê: “Dan wil ek vir jou iets vra.” Julle weet, Mamma het altyd vir my gesê: “Gee ’n koei genoeg tou, dit sal homself hang.” En ek het gesê: “Ek wil jou dan iets vra, waar het die eerste man vandaan gekom wat nóg vader nóg moeder gehad het? Waar het dit vandaan gekom?” Hy het my nog nie geantwoord nie. Daar’s geen antwoord daarvoor nie. God het die eerste mens geskep. God is ’n Skepper. Is ’n paradoks.

150 Ek moet gou maak, vriende, baie gou maak. O, goeiste! Hoe maak daardie. . .? Waar gaan al die tyd heen? Ek wil julle almal oorkant aan die Anderkant ontmoet waar ek net vir 'n miljoen jaar by elkeen van julle kan bly, ons oor hierdie dinge sal praat.

151 Let op, eenkeer was daar 'n—'n man, Oral Roberts het nou die aand van hom gepraat, Simson, net 'n gewone man. Ek gaan meer belaglik wees as hy, hy was nie 'n, net, 'n gewone man nie, hy was net 'n ou klein dwergie, ou klein kêreltjie. As 'n man skouers gehad het soos 'n staldeur, sou dit niks wees om hom 'n leeu te sien doodmaak nie.

152 Maar hierdie ou, krul-kop dwergie, sewe lokkies wat teen sy kop afhang, en hy het daar buite geloop, mamma se seuntjie, en hier het hy rondgeloop soos 'n klein sissie, en voor jy jou kom kry, het 'n duisend Filistyne op hom afgekom.

153 Nou, as julle al ooit die Filistynse uitrusting gesien het, wens dat ek tyd gehad het om dit te verduidelik, maar daardie helm is omtrent 'n duim-en-'n-half dik van soliede koper oor sy kop. Nou, onthou, hulle kon koper hard maak in daardie dag, wat ons nie vandag kan nie, want Salomo het 'n skeermes gehad, wat van koper was. Nou, let op, die koperhelm, en regoor sy liggaam was dik koper wat oorvleuel het, sodat hy in sy wapenrusting kon beweeg.

154 'n Duisend van daardie opgeleides, en hier het hulle die dienskneg van die Here daarbuite ontmoet, 'n klein, krul-kop dwergie, waarskynlik 'n klein baadjie aan, maar die Gees van die Here het op hom gekom, en hy het die kakebeen van 'n muil opgetel, en 'n duisend Filistyne verslaan. Ja.

155 Wel, broer, daardie ou, verrotte kakebeen van daardie muil, sou jy een van daardie groot koperhelms daarmee slaan, wel, dit sou in 'n duisend stukke gespat het. Sekerlik, maar dit was 'n paradoks, God was op daardie ou kakebeen. As Hy op 'n dooie een kan kom, kan Hy sekerlik op ons s'n wat lewendig is. Let op, 'n paradoks, was dit inderdaad gewees. En hy het daardie kakebeen geneem en net die helms platgeslaan soos *daardie*, totdat hy 'n duisend Filistyne vermorsel het, paradoks.

156 Jesus, toe Hy hier op aarde was, het Hy op die water geloop, verduidelik dit vir my. Sê my wetenskaplik hoe 'n man op water kan loop, paradoks. Eendag het Hy vyf broodjies en twee visse geneem en vyfduisend gevoed. Watter soort atoom het Hy losgelaat? Nou, dit was nie eens lewendige vis nie. Toe Hy daardie brood gebreek het, dit afgebreek het van 'n stukkie broodjie, toe Hy dit uitgedeel het, teen die tyd wat Hy weer Sy hand teruggebring het, was daar nog 'n broodjie daar, alreeds gekweek, die koring in die veld, alreeds gaar, al die vet daarin, gedroog. *Hier* was 'n stuk vis, Hy het dit afgebreek, en nog 'n stuk *gaar* vis. Amen. Halleluja!

157 Daardie element is vir ons gegee, as ons net in die Woord sal bly. Bly daar, ek glo ons is op die punt om dit te sien gebeur. Lewe net getrou aan die Woord. Daar het julle dit. Hy het gaar vis gehad, dit was ’n paradoks.

158 Dit was ’n paradoks toe Hy gegaan het om Sy Kerk te kies, dat Hy vissermanne gekies het in plaas van priesters. Dis teenstrydig met die natuur. Lyk asof Hy ’n yslike groot kerk sou gehad het, met die hele klomp predikers wat geskitter en blinkgevryf was, en hulle teologie ken, en al hulle Ph.D.’s, en alles gehad het. Dis waarnatoe Hy gekom het. Maar Hy het net verby die hele klomp gegaan, sien, afgegaan en ’n paar vissermanne gekry wat nie eers hulle eie naam kon teken nie. Die Bybel het gesê dat Petrus en Johannes onkundig en ongeleerd was, die wie Hy vir Sy Kerk gekry het, dis ’n paradoks. Sekerlik. Ja, meneer. Hy het vissermanne gekies, in plaas van mense . . . in plaas van priesters.

159 Nou, ons vind uit dat op die Dag van Pinkster, dit vreemd is dat Hy ’n klomp ongeleerde mense gekies het, en hulle soontoe gestuur met ’n opdrag by Pinkster, om nie na een of ander kweekskool toe te gaan nie, maar om te wag totdat hulle toegerus is met Krag van Omhoog. As daardie man, Petrus, en Johannes en hulle, wou preek en hulle was onkundig en ongeleerd, lyk asof Hy sou, gesê het: “Kêrels, daar’s ’n goeie skool net *hier* oorkant, gaan julle tot julle julle ABC’s geleer het, dan nadat julle dit gedoen het, sal julle julle laerskoolopvoeding kry, dit alles kry, daardeur, dan sal julle vier jaar hoërskool toe gaan, dan vier jaar van kollege, en dan omtrent vier of vyf jaar van Bybelskool, dan kan julle uitgaan.”

160 Maar Hy het gesê: “Wag in die stad van Jerusalem, want Ek gaan die belofte van die Vader op julle stuur. En dan sal julle getuies van My wees,” Lukas 24:49: “getuies van My in Jerusalem, Judéa, Samaria, en tot aan die uiteindes van die aarde.” Dis steeds Sy vereiste.

161 Julle weet, ek het ’n bietjie ondervinding gehad (Ek sal opskud.) met heidense—heidense godsdiens, afgode. Ek was in Afrika, Indië, ek het die vuurlopers gesien wanneer hulle daarbo staan met ’n ou yslike groot beeld daar, met groot oë, robyne, soos *daardie*, en groot robyne in die ore. En hoe daardie arme mense . . . Hulle is nie skynheiliges nie.

162 Boere kom soontoe, en hulle maak gereed daarvoor, die priester seën hulle, gooi die heilige water op hulle. En—en hulle neem groot vishoeke met balle, omtrent *so* groot in omtrek vol water, en haak hulle vlees net vol van hulle, om offerande aan ’n afgod te bring. Dan vat hulle, sit dit in hulle ore, werk hulle mond toe, steek ’n spies daardeur, as hulle gelieg het, werk hulle neus en mond aan mekaar vas, trek dit af. En loop dan deur vuur, ’n strook vier of vyf voet breed, partymaal dertig voet diep, die

heelpad oor vir dertig tree, deur daardie vuur, maak hulleself gereed daarvoor, vir 'n afgod.

163 Nou, afgodediens is 'n slegte ding. Nou, laat ek dit net 'n oomblik agtergrond gee, want ek gaan net . . . nog 'n paar opmerkings, dan gaan ek afsluit. Maar ek wil dit maak. Julle sien, dit was . . . Dit gaan 'n paradoks wees.

164 Die heiden, die afgodedienaar . . . Nou, die Indiane hierbuite, hier in die suidweste, hulle het altyd afgode aanbid, hulle het gehad wat hulle die reëngod genoem het, dit was 'n modderskilpad. Hulle het geweet hy het onder in die reën gelewe, onder in die aarde, en hulle het geglo dat daardie god van die reën in daardie modderskilpad ingekom het.

165 Nou, in die ou heidense Rome het hulle altyd Jupiter gehad, en baie van die gode. En hulle sê dat daardie gode lewe, en hulle het oorloë gehad. Julle het mitologie bestudeer, ensovoorts. So hierdie gode was veronderstel om . . .

166 Hoe hulle dit gedoen het, hulle het 'n yslike groot altaar gehad, en hierdie standbeeld het daarop gestaan, en die aanbidder het ingekom, en hy het die priester betaal vir 'n kers. En hulle het geneem . . . En hy het afgegaan na die tempel, partymaal was daar verskeie gode, en hy het dit op die altaar gesit sodat, reken ek, die god sy weg na sy regte beeld kon vind. En hulle het dit daar neergesit en hierdie kers aangesteek.

167 Dan het die aanbidder gegaan en gekry . . . Die priester het 'n bietjie vrugte voorberei, en 'n offer gemaak, en wyn gebring, en hy het werklik gemeenskap gehad met die afgod. Dan het hy hom neergebuig voor die afgod, en hy het daar gelê in so 'n beswyming totdat die denkbeeldige god, wat gelyk het soos die beeld wat hy gebou het, gekom en in daardie afgod ingekom en met hom teruggepraat het deur daardie afgod. Dis afgodediens.

168 Die denkbeeldige god, wat hulle gedink het, deur 'n afgod, dat hy in staat was om hierdie god te hipnotiseer met sy offer en sy brandende kers, in hierdie god in. En dan, wanneer sy siel so verstrengel geraak het daarmee (Julle sien waar is dit die duiwel? Sien?), en hy—en hy sou dink daardie god het teruggespreek na sy gewete daardeur, en dit was werklik 'n god vir hom.

169 Nou, God sou hulle wys wat 'n regte God was. En op die Pinksterdag, het hulle hulleself neergebuig vir tien dae, en nie 'n denkbeeldige nie, maar daar het 'n geluid uit die Hemel gekom soos 'n magtige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het, en God het nooit 'n afgod geneem nie, Hy het 'n lewende man geneem, en Homself deur die doop van die Heilige Gees in hierdie man geplaas, nie 'n denkbeeldige god nie, nie 'n denkbeeldige ding nie, maar 'n werklikheid van 'n regte God in 'n regte man. En dan het hierdie man opgestaan, en die werke van God gedoen.

170 Vreemd dat Hy dit gedoen het, vreemd dat Hy nie 'n paar slim manne geneem het wat iets daarvan geweet het nie, hulle sou dit probeer uitdink het, maar Hy het 'n klomp onkundige vissermanne geneem en hulle daarbo gesit. En hulle het hulleself neergebuig voor 'n belofte van God vir tien dae en nagte, toe het die God van die Hemel gekom en in daardie manne gewoon.

171 Jesus het gesê: "n Klein tydjie en die wêreld sal My nie meer sien nie, tog sal julle My sien, want Ek sal met julle wees, selfs in julle." Johannes 14:12, het Hy gesê: "Die . . . Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen, meer as dit sal hy doen, want Ek gaan na My Vader." Dis waarom Hy gesê het in Markus 16: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Dit was 'n lewende God in 'n man wat homself kon neerlê voor God, volgens die Woord van God, en die Woord van God sou gemanifesteer word in Hom. Amen. Dis—dis 'n paradoks.

172 Elke keer wat jy 'n man die doop van die Heilige Gees sien ontvang, is dit 'n paradoks. Hoe die God van die Hemel Homself bekend maak in hierdie man, deur hom praat, deur hom werk, deur hom lewe, dis 'n paradoks. En ons is in die beeld van God, en God het Sy Eie beelde geneem en Homself gebring het na die beeld van Sy Eie beeld wat Hy gemaak het, 'n paradoks.

173 God het eenmaal in die mens gewoon, toe het sonde Hom weggedryf, toe het God Sy Eie Seun doodgemaak, en God toe laat terugkom en weer in Sy mense lewe, ja, meneer. Dis 'n paradoks. Dis 'n vreemde ding hoe Hy dit doen.

174 Die Kerk, God het Sy Kerk gekies om 'n paradoks te wees. Hoedat Hy geneem het, in plaas van die slim geleerdes, en dit 'n kerk gemaak het, die teoloë, het Hy 'n klomp onkundige, ongeleerde vissermanne geneem. En Hy het die sleutels van die Koninkryk gegee, nie vir Kajafas, die hoëpriester, geleerd nie. Wat het Hy gedoen? Hy het dit vir die onkundige vissermanne gegee, nie 'n man wat al die fyn puntjies daarvan geken het nie, Hy het dit vir 'n man gegee wat homself voor Hom neergebuig en Hom geken het. Nie, julle weet, nie, om Sy Boek te ken, is Lewe nie, maar om Hom te ken, is Lewe. En die sleutels is vir Petrus gegee, paradoks, dat Hy dit sou doen, in plaas van vir Kajafas, die slimste man in die—in die godsdienstige sfeer, het Hy dit vir Petrus gegee.

175 Nou, glo julle in paradoks? 'n Ou apteker het vir my vertel, nie lank gelede nie, hy het gesê: "Broer Branham, eendag gedurende die tyd van die depressie," gesê: "het ek en my seun in die apteek gesit," en gesê: "o, dit was moeilik," en gesê: "'n —'n vrou het ingekom wat moeder moes word, sy het 'n voorskrif gehad wat sy moes kry." En gesê: "My seun het gegaan om haar te help, sy en haar man." En gesê: "Toe hy na die voorskrif gekyk het," het hy gesê . . . Sy het gesê: 'Ek het nie die geld om hiervoor

te betaal nie.' En hy het gesê: 'Net *daar* oorkant is die plek waar jy—jy. . . die distrik sal—sal dit vir jou kry.'"

176 En gesê: "Sy en haar man het saggies omgedraai om uit te gaan, om te kyk of die distrik die voorskrif sou gee." Gesê: "Iets het my getref: 'Moenie daardie moeder laat gaan nie!' Gesê: 'Sy is skaars in staat om op haar voete te staan, wat nog te sê om daar in daardie ry te gaan staan vir ure om daardie voorskrif te kry.'"

Gesê: "'Seun, gaan roep haar, bring haar terug.'"

177 Gesê: "Hy het haar gaan roep, en haar teruggebring." Gesê: "Ek het daaragter ingegaan en die voorskrif opgemaak met die heel beste medisyne wat ek geweet het ek in die winkel gehad het." En gesê: "Ek het dit soontoe geneem, dit in my hand geneem, en dit in die hande van daardie vrou gesit." Hy het gesê: "Broer Branham," ons het 'n mout saam gesit en drink, die ou apteker, 'n ware man van God, hy het gesê: "weet jy wat?" Hy het gesê: "Jy mag dink ek's mal wanneer ek dit sê," maar gesê: "toe ek dit in haar hand gesit het, het ek gekyk, Dit was Jesus wat daar gestaan het, ek het dit in Jesus se hand gesit." Ja, 'n paradoks.

178 Die groot Sint Martin, hy was 'n heiden, sy vader was, hy wou God dien. Daar was 'n wet in Frankryk op daardie tyd dat as die vader 'n militêre man was, die seun moes dien tot hy mondig was. Luister mooi, en toe hulle hom in die leër ingeneem het, het hy 'n dienskneg gehad, en natuurlik, elke soldaat het 'n dienskneg gehad, in plaas van die dienskneg wat sy stewels blinkvryf, het hy die dienskneg se stewels blinkgevryf. Hy was 'n groot man, hy het God liefgehad.

179 Wat het plaasgevind? Een nag, koue winternag, die winde wat gewaai het, mense wat doodgevries het in daardie harde winter, toe hy deur die poort gegaan het, het daar 'n ou boemelaar daar gelê, en gesê: "Asseblief, iemand help my. Iemand help my. Iemand!" En mense, wat hom kon help, het by hom verbygegaan.

180 Martin het alles weggegee wat hy gehad het. En hy het gekyk, die soldate het 'n mantel gedra, 'n jas, hy het die jas nodig gehad, hy sou self vries, so hy het sy jas uitgetrek, sy swaard geneem en dit in die helfte gesny, die boemelaar in 'n deel daarvan toegedraai, hy het die res geneem. Die mense het vir hom gelag. "Wat 'n snaakse soldaat, met n halwe mantel aan!"

181 Maar daardie aand in die barakke, het hy wakker geword, en toe hy gekyk het, het Jesus daar gestaan, toegedraai in daardie stuk kleed, daar het Engele oral om Hom gestaan, en Hy het vir die Engele gesê: "Weet julle wie My *hierin* toegedraai het?" Gesê: "Martin het My *hierin* toegedraai." Toe het Martin geweet wat Jesus bedoel het toe Hy gesê het: "In soverre julle dit aan die geringstes van My kleintjies doen, dit het julle aan My gedoen." Toe hy daardie ou boemelaar toegedraai het, het hy vir Jesus

toegedraai, want Jesus was in daardie ou boemelaar, so ons weet nie by wie ons verbygaan nie. Dit was ’n paradoks. Ek glo in hulle met my hele hart.

182 As ons nou net onsself verneder voor God, glo met ons hele hart! Hier ’n tyd gelede, het ’n groot intellektuele man opgekom voor ’n klomp Pinksters, hy sou ’n Pinkster-. . . ’n intellektuele toespraak maak en vir die mense sê waar hulle verkeerd was, en alles *hieroor*, en *so-en-so*, en hy het dit alles gehad, ’n regte toespraak, maar hy het opgestap met sy bors uit, julle weet, en “*Ek*, die *groot* man, met *so-veel* grade,” ensovoorts soos daardie.

183 En hy het begin praat met Pinkstermense, en die Pinkstermense het dit nie aanvaar nie. Sien? So hy het gesien hy was verslaan, so hy—hy het sy notas opgevou. Niks is gesê oor die intellektuele toespraak nie, maar probeer sê dat die Pinksterverskynsel van praat in tale verkeerd was, die Pinksterwonderwerke waarvan hulle gepraat het, verkeerd was, dit het nie daardie mense getref nie. So hy was so verneder, dat hy sy handboek geneem het en van die platvorm afgestap het.

184 Daar was ’n ou gelowige wat daar gesit het, hy het gesê: “Weet jy wat? As daardie man sou opgegaan het soos hy afgekom het, sou hy waarskynlik afgekom het soos hy opgegaan het.” So dit—dis omtrent reg, sien. Sien, nederigheid, om onsself te verneder voor die Here.

185 Dit is regtig ’n paradoks. God is ’n paradoks. Die visioene is ’n paradoks, ons kan hulle net nie verduidelik nie, hoedat God dinge kan wys wat was, wat is, en sal kom, dit—dis bo enige van ons navorsing. Die ou profete se visioene, daar lank, honderde jare gelede, en ons hulle vandag nog sien gebeur, is dit ’n paradoks.

186 Dit was ’n paradoks, toe Andréas gegaan en vir Petrus gaan kry het, sy naam was toe Simon gewees, het hom voor Jesus gebring, en vir hom gesê, gesê het: “Jy weet, ons pappa het vir ons gesê daar sou allerhande soorte *ismes* aangaan voor die ware Messias kom, maar hy het vir ons gesê, volgens die Skrif, dat Messias ’n Profeet moes wees: ‘Die Here julle God sal ’n Profeet oprig, soos ek.’ Nou, die Messias gaan ’n Profeet wees.” Die Jode glo dit almal.

187 Die Bybel het gesê: “As daar ’n man onder julle is wat geestelik is of ’n profeet, sal Ek, die Here, Myself aan hom bekend maak in visioene, en as wat hy sê, gebeur, luister dan na hom.” Reg.

188 So toe Andréas vir Petrus soontoe geneem, en Hy omgekyk het na Petrus, Jesus het, en gesê het: “Jou naam is Simon, en jou vader is Jona,” het Petrus net toe geweet dat dit ’n paradoks was, dat God was . . . absoluut die enigste Een wat hom en sy ou vader geken het, sou God moes wees.

189 Toe Filippus gegaan en Natánael gaan kry het, en Natánael teruggebring het voor Jesus, en hy in die Teenwoordigheid van Jesus gekom het, en Jesus gesê het: "Daar is nou waarlik 'n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie," het dit hom verstom.

Hy het gesê: "Hoe het U my geken, Rabbi?"

190 Luister: "Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien." Watter oë! Vyftien myl om die berg, Hy het deur die berg gesien, deur tyd, en vir Filippus onder die boom gesien.

191 Toe die vrou by die put by Sigar daar uitgekom het, 'n pragtige jong vrou, miskien om bietjie water te kry. Miskien die. . . Sy moes uitkom toe die res van die ordentlike vroue weg was. Jesus het oorkant gesit, klein panorama omtrent soos *hierdie*. En so, sy het gesê. . .

Hy het vir haar gesê: "Vrou, bring vir My water om te drink."

192 Sy het gesê: "Dis nie gebruiklik nie, ons het segregasie hier, julle Samaritane, ons Jode, ons het niks met mekaar te doen nie. Nie reg vir U om vir my, 'n—'n vrou van Samaria, so 'n vraag te vra nie."

Hy het gesê: "Maar as jy geweet het met Wie jy praat, sou jy vir My water gevra het om te drink."

193 Sy het gegaan, gepraat oor die put, hoe diep dit was, en wat die vaders gesê het, ensovoorts. Wat het gebeur? Binne 'n paar minute het Hy. . . sy gesê. . . Hy het haar probleem gevind, Hy het gesê: "Gaan, haal jou man, en kom hiernatoe."

Sy het gesê: "Ek het nie 'n man nie."

Gesê: "Jy het die waarheid gepraat. Jy het vyf mans, het vyf gehad, en die een met wie jy nou saamleef, is nie jou man nie."

194 Wat het sy gesê? Luister, toe Hy dit voor die Jode gedoen het, het die Jode gesê Hy het hulle gedagtes gelees: "Hy is Beëlsebub, fortuinverteller, 'n duiwel." Maar hierdie vrou het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is. Ons weet wanneer die Messias kom, sal Hy hierdie dinge doen." Dit was 'n paradoks, julle sien. "Ons weet dat U 'n profeet moet wees. Messias sal dit doen wanneer Hy kom, maar Wie is U?"

Hy het gesê: "Ek is Hy wat met jou praat."

195 Sy het geweet Dit was God. Sy het geweet dit was die teken van die Messias, so sy gaan vinnig in die stad in en sê: "Kom sien 'n Man Wat my die. . . my probleme vertel het. Is Dit nie die einste Messias nie?" En die mense van die stad het aan Jesus geglo as gevolg van die vrou se woorde.

196 Nou, ek glo dieselfde God wat toe paradoks gedoen het, kan nou ook 'n paradoks doen. Glo julle dit? Amen. Die Bybel het gesê: "Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid." Verdra my net vir nog 'n minuut.

197 Voor Hy die wêreld verlaat het, het Hy gesê: “Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens.” Sodom. . . Onthou, Abraham se saad het gehad. . . Abraham het gekom, al hierdie dinge van God gesien, maar die laaste visioen, die laaste ding wat Abraham gesien het net voor die louwarm wêreld vernietig is. . .

198 Nou, onthou, soos ek altyd gesê het, daar’s drie klasse mense: die ongelowige, die skyngelowige, en die gelowige. Hulle is almal bevestig, hulle is almal net daar bevestig: die Sodomiete, soos die wêreld vandag; die louwarm gelowige, onder tussen hulle, wat in hulle gemors lewe; en dan Abraham, die uitverkore Kerk, uitgeroep en eenkant geplaas.

199 Engel het uit die Hemel neergedaal. Twee van hulle het afgegaan en gepreek in Sodom, hulle het geen wonderwerke gedoen nie, hulle het hulle een aand verblind, die preek van die Evangelie verblind die ongelowige. ’n Moderne Billy Graham buite onder die Sodomiete daarbuite, wat arbei. Ek glo Billy Graham is ’n man van God, en hy daarbuite wat sy boodskap van bekering verkondig, en “Kom uit hierdie Sodom uit!” Dit was die boodskap wat hulle gehoor het.

200 Maar onthou, hierdie *een* Engel het nie soontoe gegaan nie, maar die ander Engel wat gestuur is na die uitverkorenes van die Kerk, Hy het gesit, Hy was ’n man, wat vleis geëet het, melk gedrink het, en Hy het gesit met Sy rug gedraai na die tent, het Abraham op sy naam genoem, wat pas vir hom gegee is deur God ’n paar dae tevore, en Sara op dieselfde manier, gesê: “Waar is jou vrou, Sara?”

Gesê: “Sy is agter U in die tent.”

Hy het gesê: “Ek gaan jou besoek volgens die tyd van die lewe.”

En Sara het gelag, gesê: “*Ha!* Ek, ’n ou vrou, genot hê met my heer?”

201 Wat het Hy gesê? “Waarom het Sara gelag?” En Sara het uitgekom en dit probeer ontken. Wat? Hy het geweet wat sy daaragter gedoen het, dis dieselfde ding wat Jesus gedoen het, Hy het hulle gedagtes onderskei. Hoekom? Hy was die Woord. Hebreërs 4 het gesê: “Die Woord van God is skerper as ’n tweesnydende swaard, ’n Onderskeier van die gedagtes van die hart, verstand.” Die Woord, Jesus was die Woord: “In die begin was die Woord, die Woord was by God. En die Woord het vleesgeword en onder ons gewoon.” Nou: “As julle in My bly, en My Woord in julle. . . ” Wat daarvan? Het God gelieg? Hy kan nie lieg nie, Hy kan nie lieg nie, Hy is God. Glo julle dit? Ek glo dit.

202 Laat ons ons hoofde net ’n oomblik buig. Mag God genadig wees. Stop net ’n oomblik, die eerste paradoks was toe jy gered is, die volgende paradoks was toe Hy jou die Heilige Gees gegee het. Nou, laat ek julle iets vra. As Jesus Christus dieselfde is gister,

vandag, en tot in ewigheid. . . As ek vir julle gesê het die gees van John Dillinger is in my, verwag julle van my om gewere te hê, ’n rampokker te wees. As ek vir julle gesê het die gees van ’n skilder is in my, sou julle van my verwag, die kwas te neem en skilderye te skilder, soos daar teen die muur is. En as ek vir julle sê die Gees van Christus is in my, dan sal ek die werke van Christus doen; dis presies wat Hy gesê het. Glo julle dit? As julle dit glo, dit nie betwyfel nie, sal God dit manifesteer.

203 Nou, ons Hemelse Vader, ek het lank gepraat. En U is God. Nou, enigste ding wat ek kan doen, Vader, is praat, U is die Een Wat Dit moet manifesteer en dit waar maak. En ek bid U, Vader, dat U hierdie voorreg aan ons sal skenk, deur U Seun se Naam, die Here Jesus, gee vir ons dit wat ons begeer, dat hierdie mense mag weet, al is dit grof, hard, indringend, tog is dit verordineer deur U, nie met kwaadwilligheid nie, maar met liefde om die Kerk te laat glad verloop.

204 Die Bybel het gesê daar word eers vir ons gegee, apostels, profete, leraars, pastore, almal vir die—die teregwysing van die Kerk, om die Kerk in orde te hou. Partymaal vertel ons pastore vir ons dinge wat, dit snoei ons, maar God bevestig dit deur die man met die Woord, bewys dit.

205 En U is nog steeds God, en ek bid dat U dit sal bekendmaak vanaand dat U God is, en ek hierdie dinge gedoen het op U bevel. Hierdie dinge het ek gedoen, nie uit myself nie, maar omdat die Heilige Gees my gelei het. Ek bid vir genade. Ek bid dat U die versoeke van hierdie mense sal toestaan, in die Naam van Jesus Christus.

206 Nou, buig net julle hoofde ’n oomblik en bid, hê geloof. As julle sal glo, nie twyfel nie! Glo net met julle hele hart. Julle glo dat God die uitermatige oorvloedige sal doen, glo ek sal God Homself bekendmaak.

207 Ek ken nie ’n persoon in hierdie gebou sover ek weet nie, ek het vir Broer Fred Sothmann hoor sê: “Amen,” terwyl ek gepreek het, buiten dit, ek sal nie die platvorm tel nie, want ek ken party van die manne hier, maar in die gehoor. Maar as Jesus Christus, as Hy lewendig is, en opgestaan het uit die dood, en julle mense daarbuite ’n behoefte het, is Hy hier om daarin te voorsien. Glo julle dit? Hou net aan bid. “As julle kan glo!”

208 Nou, hoeveel hierbinne wat nog nooit in een van my dienste was nie, laat ons julle hande op sien. . .?. . .Baie van julle. Ek’s ’n man net soos enige ander man. Maar ek glo in Jesus Christus, glo dat Hy opgestaan het uit die dood, ek glo dat Hy God is, Hy nou God is, in ons, in die vorm van die Heilige Gees, en Hy het gesê: “Die werke wat Ek doen, sal julle ook.” Nou, om daaroor te praat, is een ding, maar vir Hom om dit te doen, is ’n ander. “As julle kan glo, is alle dinge moontlik.”

209 Nou, ek wil hê julle moet julle kop net 'n oomblik oplig. Hoeveel siek mense is daar in die gebou? Steek julle hand op. Hoeveel mense het iemand wat siek is, vir wie julle kan bid? Steek jou hand op, sondaar, wat dit ook al mag wees.

210 Nou, daar was eenkeer 'n vroutjie, wat die soom van Jesus se kleed aangeraak het en heeltemal gesond gemaak is. Hy het verbygegaan, en al die mense het aan Hom geraak, en—en Hy het gesê. . . Hierdie klein vroutjie het deurgeglip, en Hom aangeraak, Sy kleed aangeraak, Hy het omgedraai en vir haar gesê. . . Gesê: "Iemand het My aangeraak."

211 En almal. . . Petrus het Hom bestraf: "O, U weet so-iets!" Hy het gesê: "Die hele skare raak aan U. Hoe kon U doen. . .? Hoe het U geweet wie U aangeraak het? Almal van hulle raak U aan. Wie raa-. . .?"

212 Maar hy het gesê: "Maar Ek merk dat krag uitgegaan het, Ek swak geraak het." En die vroutjie wat Hom aangeraak het, Hy het rondgekyk in die gehoor tot Hy haar gevind het, en toe Hy het, het Hy vir haar gesê wat haar probleem was, en haar geloof het haar genees.

213 Glo jy daardie selfde God lewe? Sou dit julle geloof help as Hy vandag sou kom en dieselfde ding doen? Wat van julle sakemanne? Glo julle? Glo julle dit? Sal julle vir my bid? Ek's nie seker hiervan nie, vriende, Ek het nog nooit 'n diens soos hierdie onder die Sakemanne hier gehad nie; ek vertrou. Wees wakker, bid.

214 Nou, die Woord—die Woord, as ek die waarheid gepraat het, en as God daardie waarheid bevestig, sal Hy tekens en wonders toon, Hy sal dit soos die Bybel wys, net wat die Bybel gesê het. Dit sal daardie soort van 'n teken en 'n wonder moet wees. Glo julle dit?

215 As Hy ten minste sal. . . Twee of drie mense daarbuite in die gehoor wat siek is, of behoeftig, of iets, as julle net sal bid. Nou, kyk, as jy na God sal kyk en sê: "Here Jesus, Broer Branham ken my nie, weet niks van my af nie, maar hy het 'n verklaring daar gemaak, ek het hom dit hoor verduidelik uit die Bybel, dat U steeds lewe, en ek het hom hoor bid dat U vir ons iets moet wys net soos U het voor U gekruisig is, daarom sal ons. . . Die groot Heilige Gees wat ons glo ons het, Dit sal Ditself bewys, dat Dit God is." Is dit reg? Dit onder ons bewys.

216 Nou, bid julle, en glo nou net, en sê: "Here. . ." Nou, sê die Bybel dit, predikers? Al julle predikers wat hierdie glo, kyk, dat Jesus Christus nou 'n Hoëpriester is, wat sit aan die regterhand van die majesteit van God. Is dit reg? 'n Hoëpriester wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede. Is dit reg? Hoeveel weet dis Nuwe Testament Doktrine? Nuwe Testament Doktrine.

217 Goed. Hoe sou daardie Hoëpriester dan optree, as jy Hom aangeraak het? As Hy dieselfde is, sou Hy op dieselfde manier optree, soos daardie vrou wat Hom aangeraak het. Jy sê: "Ek daar sou gewees het, sou ek Hom aangeraak het." Wel, jy kan Hom net nou aanraak, die Bybel het so gesê, en dis wat ek glo, is die Bybel. En glo julle dit, julle hele hart, moet dit nie betwyfel nie.

218 Enige plek in die gebou. . .Nou, wees baie eerbiedig. Net so eerbiedig. . .Ek sê nie God sal dit doen nie, ek weet nie. Hoeveel het ooit daardie foto van die Engel van die Here gesien? Ja, o, sekerlik. Ons het dit, sien. Ek het dit in die notas gehad vanmiddag, nie tyd daarvoor nie. Bid net.

219 Nou, Here, hierdie is. . .As U dit verlang, Here moenie dat ek U versoek nie. Vader, ek wil nooit 'n versoeker van God wees nie, maar, Vader God, as dit U sal verheerlik, laat die mense dan weet dat ek hulle die waarheid vertel het, spreek dat ek hulle die waarheid vertel het. Skenk dit, Here. Ek het van U gepraat die beste wat ek geweet het, U Woord. Dis die Woord, ek het reg Daarby gebly, Here, ongeag van waarnatoe Dit gegaan het, hoe Dit, wat ook al, ek het by die Woord gebly. Nou, Vader, ek bid U, spreek terug dat ek die waarheid vertel het, bevestig dit, Vader, in Jesus' Naam.

220 Hou net aan bid, sê: "Here Jesus, ek glo dit, ek glo dit." Ek weet nie, vriende, dit sal nou van die Here afhang, sien. Ek kan Dit, op 'n manier, nie voel nie. En ek's—ek's net soos hierdie mikrofoon, heeltemal stom, sonder dat Iets deur my praat. Sien? Maar dis 'n gawe, 'n manier om myself te ontspan in die Teenwoordigheid van God, wat Hy my sal wys, visioen. Ek het vertrou Hy sou dit doen wanneer ek afgekom het op daardie paradoks, maar miskien wil Hy dit nie doen nie. Ek. . .As dit is, kan ek dit nie help nie, sien, ek moet net wag, kyk wat Hy sê.

Net baie stil, almal wat bid. Ek hou net dop oor die gehoor. ['n Broer praat in tale—Red.]

221 Stil klein Stemmetjie, bly eerbiedig. Goed, jy kan jou kop oplig. Hy is hier. Nou daag ek enige ongelowige uit, praat nou of bly vir altyd stil. As julle net glo, vra nou enigiets, soek God, en kyk of God nie sal terugantwoord dat dit die waarheid is nie. ['n Suster praat in tale en gee uitleg—Red.]

Wees baie eerbiedig. Ek wil hê julle, moet julle kop draai.

222 'n Dametjie wat net hier oorkant sit, sy ly aan 'n brongitistoestand in haar keel. Sy kom van Flagstaff af. As jy sal glo met jou hele hart, kan jy kry waarvoor jy vra. Glo jy dit, Suster? Staan dan op jou voete en aanvaar jou genesing.

223 Nou, laat ek haar gebed herhaal, sy het gesê: "Here, ek ly *so*, laat Broer Branham met my praat." Wuif jou hand as daardie dinge. . .as jy gebid het vir—vir my om jou te roep op daardie tyd? Toe ek jou geroep het, het jy daarvoor gebid, dit reg? Wuif

jou hand soos *hierdie*, dis die waarheid. Is ons vreemdelinge vir mekaar? Wuif weer jou hand terug. Ek ken jou nie. As dit waar is, wuif jou hand weer terug. Goed. Wat het sy aangeraak?

224 Daar’s ’n dame wat net hierbuite sit, wat bid vir ’n vriend wat kanker het. Glo jy met jou hele hart? God sal jou gebed beantwoord. Sien ’n persoon, man, baie, baie siek. As jy dit met jou hele hart sal glo (ek kyk na ’n visioen.), God seën jou, kan jy dit kry.

225 Ek ken nie die vrou nie, haar nog nooit gesien nie. As dit reg is. . . Die dame wat hier regdeur sit, ek kyk na haar, daar het julle dit. Het jy nie daar gesit en bid: “Here Jesus, laat hierdie. . . ”? God seën jou.

Bid iemand.

226 Hier—hier is ’n—’n persoon wat reg hierbinne sit. Sien julle nie daardie Lig nie? Reg bo-oor die klein, grys-kop vroutjie wat reg hieronder sit? Ja, die dame wat haar hand opgesteek het. Sy het diabetes. Sy is nie ’n boorling hier nie, sy’s van ’n bergland, Switserland. Daar’s ’n hele groep van julle daar van Switserland af. Dis reg. Glo, en jy kan teruggaan huis toe, gesond wees.

Glo julle?

227 Hieragter, julle mense, hier, hier sit ’n dame wat net hier sit. Ek het haar nog nooit in my lewe gesien nie, maar sy ly aan ’n probleem met haar keel, probleem met haar oë, sy sit net hier en kyk na my. Sy’s ’n vroueprediker. Staan op jou voete en aanvaar dit, dame. Word gesond gemaak.

Ek ken nie die vrou nie, het haar nog nooit in my lewe gesien nie. Probeer nou jou sonde wegsteek.

228 Hier’s ’n man. Hy het sy opinie van my bekendgemaak. Dis reg, meneer. Jou beroep is ’n onderwyser, en jy het geestelike probleme waaroor jy wonder. As dit so is, steek jou hand op. Hulle sal almal uitsorteer word. Jy my aanvaar as God se profeet, ek vertel jou die waarheid, SO SPREEK DIE HERE.

Glo julle?

229 Hier’s ’n dame wat net hieragter sit. Sy ly aan ’n toestand op haar bors, sy het drie operasies gehad. Sy mis dit. Laat. . . God help my. Mejuffrou Alexandra, ontvang jou genesing in die Naam van die Here Jesus. As dit jou naam is, en dit. . . ons vreemdelinge is, staan op jou voete, staan op jou voete, as dit reg is.

230 Ek het nog nooit in my lewe die vrou gesien nie. Glo julle dit? As dit nie dieselfde Jesus is wat eenmaal gelewe het nie! Ek weet nie, ek’s ’n man. Glo julle? Ontvang Hom.

231 Hier, daar’s ’n vrou wat hier reg onder sit, ken haar nie, het haar nog nooit gesien nie. Sy’s ’n verpleegster, en sy bid vir haar pasiënt. Pasiënt ly aan ’n geestesversteuring. Ons is vreemdelinge vir mekaar, is ons nie? As God vir my sal sê wie jy is, sal dit jou

help? Sal dit die gehoor help? Hier is my hand, ek het nog nooit in my lewe die vrou gesien nie. As ons vreemdelinge is, steek jou hande op, dame. Jy is Mev. Brandon. SO SPREEK DIE HERE!

232 Glo julle, almal van julle (Is dit 'n paradoks? Wel, Hy is steeds God!), dat die Heilige Gees nou oral hierrond is? Glo julle dit? Nou, die Woorde wat ek gesê het, is waar, God het dit bevestig.

233 Nou, glo julle God met julle hele hart? Sit dan julle hande op mekaar, begin bid om die doop van die Heilige Gees te kry. Hoe kan julle enigsins nader aan Jesus Christus wees as wat julle net nou is? Lê julle hande oorkant op mekaar en bid soos julle dit in julle eie kerk doen, dat God julle sal vul met die doop van die Heilige Gees, en julle sal 'n paradoks sien soos julle nog nooit vantevore gesien het nie. Glo dit! God sal vir julle 'n ware paradoks wys.

234 O, Here God, hoor hierdie gebed van U dienskneg, en mag die duiwel hierdie gehoor net nou loslaat, deur die krag en die opstanding van Jesus Christus. Amen.

62-0128A ’n Paradoks
Ramada Inn
Phoenix, Arizona V.S.A.

AFRIKAANS

©2023 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org